

## H O O F S T U K VI.

### DIE VERTOLKING VAN DIE DUIITS-LEERPLAN IN ONS OPENBARE EKSAMENS -- 'N KRITIESE ONTLEDING.

#### 1. Die oorsaaklike verband tussen die leerplan en die eksamen.

Omdat die vereistes van die eksterne eksamen vandag nog so 'n belangrike rol speel in verband met ons middelbare skoolleerplanne, sou die probleme in verband met die leerplan-aangeleentheid vir Duits as derde taal hier nader toegelig kon word deur 'n kritiese verwysing na ons eksamenstelsel vir dié vak op skool. Daarby het dit in die slotparagrafe van die vorige hoofstuk reeds by implikasie geblyk, dat dit vandag baie noodsaaklik geword het om die werk van die onderwyser in die lig van die leerplanvertolking in die openbare eksamens te sien.

#### 2. Beperkende faktore by 'n kritiese ontleding van ons eksamenvraestelle.

(a) Meting en die Meetgereedskap: Om ag te slaan op die rigting waarin die eksamen ons praktyke laat beweeg, sal ons ons eksamenvraestelle vir Duits aan 'n strenge toets moet onderwerp. Dit sou egter onmoontlik wees om uit al die pakke eksamenvraestelle vir die tien verskillende Juniorsertifikaat- en Standaard X-eksamens wat die skrywer ter hand gekom het, 'n oorsigtelike beeld te ontwikkel sonder gebruikmaking van een of ander vorm van meetgereedskap vir 'n kritiese waardering. Wat hier nodig is, is nie alleen 'n betroubare maatstaf vir die beoordeling van die vraestelle as sodanig nie, maar ook sekere inligting in sake die metode van puntetoekenning deur die eksaminatore en die toepassing van statistiese metodes in verband met die aanvaarding of verskuiwing van die punte vir elke bepaalde jaar in die verskillende eksamens. Daar is in hierdie verband, egter, beperkende faktore wat hierdie ondersoek gestrem het, soos vollediger in die volgende paragrafe sal blyk.

(b) Eksamentegnieke en die geheimhouding van statistiese metodes: Uit een van 'n aantal skriftelike navrae by die verskillende eksaminerende liggame is daar bevestiging gevind vir die feit, dat die mediaan- en kurwe-stelsel nog in al die eksamens in Duits waarvoor daar 'n groot eksamengroep bestaan, toegepas word, ten einde die eksamenstandaard te kontroleer en te verhoed dat toevallige omstandighede, soos die aard van die vraestel of die verskil in die metodes van punttoekenning van die verskillende eksaminatore, sommige jare se kandidate teenoor dié van ander jare mag bevoor- of benadeel. Dit is vandag nog die geval in vyf van hierdie tien eksamens, te wete, die 4 Kaapse en Vrystaatse eksamens en die Transvaalse Eindsertifikaat-eksamen, terwyl daar vir die kleiner eksamengroepe by die matrikulasie-eksamen, die Juniorsertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika, die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen en die Nasionale eksamens van die Unie-Onderwysdepartement geen statistiese metodes toegepas word nie<sup>1</sup>. Die gesonde beginsel wat ten grondslag lê aan hierdie eksamentegnieke gaan van die veronderstelling uit, dat daar nie so iets soos vet en maer jare kan voorkom wanneer daar met groot verteenwoordigende eksamengroepe gewerk word nie, omdat die wet van gemiddeldes hier sy rol sal speel; gevolglik moet die gemiddelde prestasievermoë van 'n groot groep kandidate min of meer konstant bly van jaar tot jaar as al die ander faktore konstant gehou kan word. Daarom moet die kandidate teen die moontlike wispelturigheid van die omstandighede beveilig word deur die toepassing van die gelykmakende metode van gemiddeldes, wat min of meer in die lyn met dié van vorige jare gehou moet word deur punteverskuiwings waar nodig. Dis nie hier die plek om daarop in te gaan of hierdie stelsel, wat as 'n beskerming en 'n seën vir die kandidaat bedoel is, reeds tot moontlike misbruik van 'n te fyn eksamen-spesialisasie kon lei het, wat 'n hersiening van die hele posisie nodig gemaak het nie<sup>2</sup>; wat wel ons

---

aandag moet verdien, is die feit dat die wyse waarop die statistiese metodes vir elke bepaalde jaar toegepas word, 'n baie strenge geheimhouding ondervind. Dieselfde beskerming geniet die eksaminatore ten opsigte van hul metodes van punttoekennings en verskillende pogings van die skrywer om by die eksaminerende liggame sekere besonderhede in verband met die eksamenmetodes te bekom, wat vir die doel van hierdie ondersoek belangrik geag is. Het teen die gebruikelike amptelike geheimhouding gestrand dat die verlangde inligting nie verstrekkend kon word nie, omdat dit as "vertroulik" of as "geheime dokumente" beskou word. Omdat ons nooit kan weet welke moontlike verskuiwings die punte wat daarop die verskillende vraestelle behaal is, ondergaan het en/of op welke wyse die eksaminator sy punte toegeken het nie, kan die ontleding van die vraestelle as sodanig ons maar hoogstens 'n aanduiding gee van die rigting waarin die standarde beweeg, hoewel dit as 'n baie veilige aanduiding van die algemene gees van die leerplanvertolking beskou kan word.

(c). Die gebruikswaarde en verskyningskrediete van woorde: waarde en beperkings van die gebruikelike lys: Vir die bepaling van die vereiste graad aktiewe taalbeheersing ten opsigte van die verlangde kennis van die Duitse woordeskat en idioom in ons openbare eksamens, besit ons vandag redelik-objektiewe maatstawwe, aangesien die frekwensie-beginsel reeds vir etlike jare aanvaar is as 'n grondslag vir woordseleksie by die vreemde-taalonderwys<sup>1</sup>. Verskeie publikasies wat die gebruikswaarde van woorde op grond van hul verskyningskrediete in woordetelling aangee, het reeds die lig gesien, waaronder die volgende spesiale vermelding verdien:

Kaeding: "Häufigkeitwörterbuch der deutschen Sprache", 'n massiewe woordelys wat op 'n telling van byna 11,000,000 woorde berus en 79,716 inskrywings van woorde wat vier- of meermaal in die hele telling verskyn het, bevat<sup>2</sup>;

Morgan: "A German Frequency Word Book", 'n verwerking vir opvoedkundige doeleindes van die ietwat lompe Kaeding-lys;

- 
1. Vergelyk Coleman: "Experiments and Studies in Modern Language Teaching", 27.
  2. Sien Morgan: "A Germany Frequency Word Book", Voorwoord bl. vii.

Purin: "A Standard German Vocabulary of 2000 Words and Idioms";

Hermann Meier: "The 1000 Most Frequent German Words".

In Suid-Afrika is die veld ook reeds aangevoer deur Kotze se "Woordeskatstudies in Duits op Transvaalse Skole", wat op 'n woordetelling van drie reekse leerboekies in die Transvaal berus het, terwyl Gerhard Aucamp se bekende werk oor "Woordeskat en Woordherhaling:- Duisend Afrikaanse Staatmakers" (1932), en die verkorte Engelse uitgawe, "Basic Afrikaans" (1948), ook van waarde kan wees in verband met die onderwys van Duits. Die werk waarna daar die meeste verwys word in die oorsese literatuur en wat ook die uitgangspunt vorm vir De Jager se kritiese beskouing in sake die keuse van die Duitse woordeskat vir ons leerboeke in gebruik<sup>1</sup>, is dié van Morgan wat die neênde van die reeks publikasies van die Amerikaanse en Kanadese Komitees vir Vreemde Tale gevorm het.

Hoe sterk ek ook al die kerngesonde beginsel van seleksie van die Duitse woordeskat en idioom deur gebruikmaking van betroubare veelvuldigheds-indekse wil onderskryf, het dit vandag noodsaaklik geword om te waarsku teen 'n te getroue navolging van die tans-bestaande lys, waarvan die aanbevelings van De Jager en selfs dié van die wêreldbekende Michael West nie heeltemal vry te spreek nie<sup>2</sup>. De Jager kritiseer byvoorbeeld Uys se "n Taal- en Leesboek vir Duits-leerlinge" op grond van die feit dat woorde soos "Steuer" (frekwensie-rangnommer 189 in Morgan se lys), "Abgeordneter" (nommer 419), "Gewerbe" (nommer 499), "Kommune" (1040) "Zucht" (1069) en andere afwesig is, terwyl woorde met baie laer verskyningskrediete soos "Frühstück" (2367), "Kamin" (2357), "Schwein" (2371) en "Hahn" (2338)

---

1. De Jager: "n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse Skole", 73-76, 85-87.

2. a. Ibid. 86.  
b. West: "Bilingualism", 265.

behandel word, en maak kapsie teen die te veelvuldige gebruik van baie ander woorde soos Finger, Nase, Tennis, Mathematik, Lärm en Knie wat lae frekwensies het of glad nie eens in Morgan se lys voorkom nie<sup>1</sup>. Sonder om hier afbreuk te wil doen aan die waarde van Morgan se lys, wil ek egter daarop wys dat daar eers baie noukeuriger op hierdie saak ingegaan sal moet word, omdat dit ondenkbaar is dat 'n woord soos "Frühstück byvoorbeeld plek sou moes maak vir "Gewerbe", of "Schwein" vir "Kommune", of "Kamin" vir "Abgeordneter", wát ook al die frekwensie-kwosiënte van die genoemde woorde mag wees. In hierdie verband mag 'n beskouing soos die volgende in sake die leemtes in hierdie bekende lys, nie oor die hoof gesien word nie<sup>2</sup>:-

"In looking for things to eat, we do not find the name of a single vegetable and as for beverages, we have Wasser, Milch and Kaffee, but no tea ..the only fruit mentioned is Apfel, and if we want to say it with flowers the only one given us is Rose; no Veilchen nor Vergissmeinnicht. Not a tree is named, not even the Tannenbaum and the Linde, and even the word for tree is omitted. We hear no song of birds, not even the Nachtigall. If we were in a Tiergarten, we could not name a single wild animal for none appears on the list. Among Haustiere the Schwein is left out, and we have no poultry at all. There is an Ei but no Henne. The only meal given us is Frühstück, and we have to eat that without a Gabel ....."

Daarenteen word woorde soos Aktie, Termin, Konkurs, Konkurrenz, Konsum, Konto, Indossement, Patrouille, Kontrahent, Kommittent en ander genoem wat in die lys voorkom en 'n hoë stenografiese

1. De Jager: "n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse Skole", 86.
2. C. F. Engel oor "The Use of a Standardised Vocabulary in Beginning German" ..... in "The Modern Language Journal", Vol.15. (1930-31), 285.

waarde mag hê, maar die belangstelling van die beginner sou doodsmoor<sup>1</sup>.

Ek wil dan veral om drie redes die standpunt huldig, dat ons nog geen frekwensielyste besit wat die toets van die omstandighede vir die Afrikaanssprekende leerling deurstaan het nie, en dat die tans-bestaande lyste eerder as 'n nuttige leidraad dan as 'n onfeilbare maatstaf vir ons eksamenvraestelle en leerboeke kan dien:

(i). Die feit dat 'n groot aantal van die mees alledaagse woorde nie in Morgan se veelgeprese lys voorkom nie, moet verklaar word uit die soort materiaal wat gebruik is wat nie die alledaagse Duitse lewe en denke kan tipeer nie, omdat dit grotendeels op spesiale gebiede toegepas is: wetlik, teologies, medies, kommersieel, militêr, parlementêr, journalisties, klassiek en histories<sup>2</sup>.

(ii). Daar moet ook rekening gehou word met die feit dat daar baie dinge is wat binne die onmiddellike ervarings- en belangstellingslewe van die kind val, maar hetsy of glad nie, of nie genoegsaam verteenwoordig is in hierdie stof om vir hoë verskyningskrediete in aanmerking te kom nie. Nogtans sou hul nie om daardie rede uitgesluit kan word nie, omdat ons daardeur die belangrike pedagogiese beginsel dat die kind vanuit sy eie belangstellings- en ervaringswêreld tot 'n groter geestelike wasdom moet ontwikkel, in die gedrang sou bring. As 'n woord soos "Wandtafel" dus 'n groot rol in die lewe van die skoolkind speel, moet dit tot sy reg kom, afgesien van wat die verskyningskrediet van die woord ook al mag wees. Dis om hierdie rede dat woorde-tellings wat op die leesmateriaal in 'n paar leesboeke gebaseer is (soos dié van Dr. Kotze en Prof. Wadepuhl<sup>3</sup>) ons aandag verdien, hoewel ek gevind het dat die telling van Aucamp wat ook vir

---

1. C. F. Engel oor "The Use of a Standardised Vocabulary in Beginning German" ---- in "The Modern Language Journal", Vol.15. (1930-31), 284.

2. Sien Morgan "A German Frequency Word Book", Voorwoord bl.vi.

3. a. Kotze: "Woordeskatstudies in Duits op Transvaalse Skole" 59.  
b. Sien ook: "The Modern Language Journal" Vol.15(1930-1) 281.

'n groot gedeelte op kinderlektuur gebasseer is, dié verdere voordeel inhou dat sosiale leesstof soos briewe, koerante en tydskrifte wat 'n meer spontane weerspieëling van die alledaagse lewe is, 'n baie hoë erkenning daarin geniet het.<sup>1</sup>

(iii). Hoewel daar toegegee moet word vir die feit dat ons die leerling deur die onderwys van Duits tot die lewe, gewoontes en ganse kultuur van die vreemde volk wil inlyf, om welke rede de Jager selfs sekere tipies-Afrikaanse woorde as 'n oortollige ballas beskou vir die kind wat in 'n Duitse milieu verplaas moet word<sup>2</sup>, sal die gebruik van Duitse frekwensielyste nog dié beperking inhou, dat die belangrike faktor van lokaliteit nie geheel-en-al uitgesluit mag word nie, en die onderwys ook by die Suid-Afrikaanse toestande wat die kind se ervaringswêreld moet vorm, aangepas moet wees<sup>3</sup>. Die taal as die uitvloeisel van die gedagtes en gevoelens sal immers ook die verskille in die belangstellings- en ervaringslewe van die verskillende volke openbaar, sodat sekere woorde wat in Duitsland of Amerika hoë verskyningskrediete mag hê, in Suid-Afrika laer kan registreer en omgekeerd. Die volgende vergelyking van Morgan en Aucamp se lysste is in hierdie verband interessant, en bring reeds sekere bepalende faktore soos die meer landelike karakter van die Afrikaanse teenoor die groter verstedeliking van die Europese lewe, en die veel groter rol wat die militarisme en die handel in die Duitse volksdenke speel, aan die lig:

---

1. Vergelyk Aucamp: "Basic Afrikaans", 7-8.

2. a. De Jager: "n Kritiese Onderzoek na die Leerplanne en Leerboeke vir Duits op die Suid-Afrikaanse Skole", 86.

b. Vergelyk ook Breul: "The Teaching of Modern Foreign Languages and the Training of Teachers", 44.

3. Sien Kotze: "Woordeskatstudies in Duits op Transvaalse Skole", 114.

| <u>Woorde.</u> | <u>Verskyningskrediete (frekwensie-rangnommers)</u> |                |  | <u>Opmerkings.</u> |
|----------------|---|----------------|--|--------------------|
|                | <u>Aucamp.</u>                                      | <u>Morgan.</u> |  |                    |
| blom(me) ..... | 495 ....  | 1021           |  |                    |
| tuin .....     | 421 ....  | 804            |  |                    |
| perd .....     | 415 ....  | 812            |  |                    |
| skaap .....    | 430 ....  | 1973           |  |                    |
| boer .....     | 344 ....  | 921            |  |                    |
| plaas .....    | 157 ....  | -              | (Kom nie in Morgan se lys van 2402 sterwoorde voor nie.) |                    |
| gras .....     | 638 ....  | 1975           |  |                    |
| slang .....    | 716 ....  | 1814           |  |                    |
| somer .....    | 824 ....  | 1049           |  |                    |
| winter .....   | 611 ....  | 1112           |  |                    |
| dorp .....     | <u>387</u> ....                                     | <u>916</u>     |  |                    |
| stad .....     | 421 .....   | 227            |  |                    |
| handel .....   | 621 .....   | 274            |  |                    |
| leër .....     | (B-lys)...  | 394            | (Armee). Kom nie in Aucamp se lys van                    |                    |
|                |   | 485            | (Heer) die eerste 1000 staatmakers voor nie!             |                    |
| oorlog .....   | (B-lys) ..  | 295            |  |                    |
| wapen .....    | - ....  | 637            | (Waffe) Word glad nie in Aucamp se lys opgeneem nie.     |                    |

So heel eenvoudig is die kwessie van oorplasing in die Duitse gedagtewêreld dus nie; en dis juis hier waar sommige van die grootste probleme in verband met die vreemde-taalonderwys ondervind word, omdat ons nie kan verwag dat die Afrikaanse kind wie se lewe nog steeds deur die Afrikaanse denke oorheers word, dadelik soos 'n volbloed-Duitsers sal dink as hy begin Duits leer nie.

(d). Uitgangspunt vir die woordetoets aan die hand van (c)  
 Alles in aanmerking genome, skyn die waarheid my dus êrens tussen Aucamp en Morgan se lys te lê, wat as 'n gesamentlike uitgangspunt vir die kritiese ontleding van die eksamenvraestelle gebruik is. Vir praktiese doeleindes is die kombinasie van hierdie twee lysse ewe-cens voldoende gevind vir die bepaling van die gebruikswaarde van woorde in vasstaande uitdrukkings,

terwyl die gewone taalvrae (wat die kandidaat se kennis van die taal-konstruksievorms moet toets), die vertalings uit Duits, en die begripstoetse aan ander toetse onderwerp moes word, soos later sal blyk wanneer daardie afdelings van die werk afsonderlik behandel word.

3. Kritiese ontleding van eksamenvraestelle: Vereiste aktiewe herroepings-tipe woordeskatbeheersing.

(a). In Hoofstuk V.2(b) het reeds geblyk welke afdelings van die werk in die skriftelike eksamen veral op die aktiewe herroepings-tipe woordeskatbeheersing sal afstuur. Die skriftelike stelwerk en die vrae oor die voorgeskrewe boeke moet hier, egter, buite rekening gelaat word, aangesien die kandidaat in hierdie afdelings op sy eie woordeskat aangewese is, en nie op die voorskrifte van die eksaminator in sake die gebruik van sekere woorde en uitdrukkings nie. By die ander soorte vrae wat 'n aktiewe herroepingstipe woordeskatbeheersing veronderstel, naamlik die Vertalings in Duits asook die woordvertalings en woorde en uitdrukkings vir sinsgebruik in die Taalkunde-afdeling, is daar as volg te werk gegaan:

(i). Aangesien die kandidaat in hierdie vertalingsvrae uit Afrikaans in Duits moet dink, is die twee woordelyste van Aucamp as uitgangspunt geneem, dit is die A-lys vir die eerste 1000 mees voorkomende woorde, en die B-lys vir die volgende 1000.

(ii). Waar die rangnommer van sekere skynbaar meer-bekende woorde my egter buitengewoon laag voorgekom het in die Aucamp-lyste, is die Morgan-lys ook geraadpleeg. 'n Woord soos "aanbevelingsbrief" (Vrystaatse Skooleindeksamen, 1943) wat glad nie in Aucamp se lysste opgeneem is nie, word in die Morgan-lys byvoorbeeld as nommer 780 geplaas! In dergelike gevalle wat meermale voorgekom het, is die woorde in die B-lys (1000-2000) geplaas.

(iii). Wanneer 'n Afrikaanse woord meer as een betekenis kan hê, of een Duitse woord twee of meer ekwivalente in Afrikaans

wat die frekwensie-krag van elkeen van hierdie woorde afsonderlik kan beïnvloed, is daar slegs met Morgan se lys gewerk.

(iv). Waar sekere woorde wat laag op die lys mag verskyn, meer bekende sinonieme het, is daar op laasgenoemde teruggeval.

(v). By samegestelde woorde waarvan slegs die samestellende grondwoorde in die lyste verskyn, is dié dele met die laagste verskyningskrediete (dit is, die hoogste frekwensie-rangnommers) as uitgangspunt geneem.

(vi). Sommige woorde met lae verskyningskrediete is nie in aanmerking geneem by die inskrywings vir Tabel III nie, omdat hul .....

of maklik afleibaar is van die Afrikaanse woorde (esel, gemeen, eensaam, ens.),

of maklik afleibaar is van meer frekwente woorde (vervolger van volg, inwoner van woon, ens),

of 'n groot rol in die lewe van die skoolgaande kind speel en gevolglik bekend behoort te wees (eksamen slaag, name van vakke, ens),

of dikwels in die algemeen-gebruiklike leerboeke voorkom en gevolglik ook in Kotze se lys aangegee is (top van 'n berg, dreig, wolf, en andere).

(vii). Die woorde vir sinsgebruik wat in Duits aangegee word, is aan Morgan se lys getoets.

Hoewel die Aucamp-lyste dus as die hoof-uitgangspunt gegold het vir 'n kritiese ontleding van die vertalingsvrae waarby die gedagtes uit die moedertaal in die vreemde taal herlei moet word, is daar met hierdie metodes ook gepoog om die voordele van die verskillende lyste te kombineer deur hul in 'n aanvullende funksie tot mekaar te gebruik.

(b). By die woordevertalings en die woorde vir sinsgebruik wat albei onder die Taalkunde-afdeling val, is die posisie heelwat anders as by die vertalings in Duits, omdat die leerlinge in eersgenoemde soorte vrae in die reël 'n genoegsame keuse het om min of meer hul weg te kan vind. Die vraag oor die woorde vir sinsgebruik word soms ook gesien as 'n toets vir die vermoë van die leerling om te kan onderskei tussen sekere woorde en/of

woordfunksies wat dikwels verwar word, soos in die geval van die Transvaalse Eindsertifikaatvraestel vir 1944 waarin die volgende woorde aangegee word in vraag 1(a): unten, unter; wann, wenn; lehren, lernen; gedenken, erinnern; Wörter, Worte. In die reël is hierdie tipe vraag, egter, nie veel meer as 'n verdere woordeskattoets (naas die vertalings in Duits) vir aktiewe gebruik nie. Ek het met die oog op hierdie feit 'n aantal van hierdie vrae aan woordetoetse onderwerp, en oor die algemeen 'n redelike verspreiding vir die volgende drie groepe woorde gevind:

- (i) woorde wat buite die lys van die eerste 2000 meesvoorkomende woorde val;
- (ii) woorde met 'n frekwensie-rangnommer tussen 1000 en 2000;
- (iii) woorde met óf 'n hoë gebruikswaarde, óf wat aan die leerling beter bekend behoort te wees om redes genoem onder paragraaf a.vi. hierbo.

Die volgende geklassifiseerde voorbeelde (dit is, met woord-indelings in genoemde drie groepe) uit die eksamenvraestelle van verskillende eksaminerende liggame oor die afgelope paar jaar kan in dié verband as tipiese voorbeelde dien:

Vrystaatse Skooleindeksamen, 1942:

(Vraag 2: 'n keuse van 6 uit 9 woorde)

- (i). ohnehin, öde (Woorde buite die lys van die eerste 2000 meesvoorkomende woorde);
- (ii). vorsätzlich (Vorsatz), müssig (Woorde met frekwensierangnommers tussen 1000 en 2000);
- (iii). wider, gemäss, damals, völlig, gegenwärtig (Meer bekende woorde).

Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, 1943:

('n Keuse van 8 uit 11 woorde).

- (i) verziehen, schustern, Knirps, Stichwort, standesmässig, Prügelei;
- (ii) ungebürllich (gebühren, nommer 1299);
- (iii) allerdings; heillos, verzeihen (Nommer 1290), Gastwirtschaft.

Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen 1945, Vraag 7:

(a). 3 uit 4:

- (i) verschenken;
- (ii) sich erholen, dummes Zeug treiben;
- (iii) sich freuen auf.

(b). 3 uit 4.

- (i) meinetwegen;
- (ii) en (iii) draussen, daher, schon lange.

Matrikulasie-eksamen, 1946:

(n Keuse van 5 uit 9 woorde).

- (i) ekelhaft, Zaun, purzeln, Eifersucht, ohnehin;
- (ii) widmen, nachher;
- (iii) Tatsache, hoffentlich.

Ten spyte van die goeie verspreiding van die woorde oor die verskillende frekwensie-groepe in hierdie vrae, die wye keuse, en die verdere feit dat hierdie soort vraag 'n herkennings-tipe woordeskatkennis behels, sou 'n behoorlike kontrole oor die vryheid wat die eksaminatore hier geniet, alleen 'n uitwerking ten goede kan hê, omdat ongelukkige jare al meermale voorgekom het. As voorbeeld kan hier genoem word die Matrikulasie-vraestel van Desember 1938 waarin 5 van die 8 woorde, waaruit 5 gekies moes word, buite Morgan se lys van die 6000 mees-voorkomende woorde (2402 stamwoorde met afleidings) geval het (Hagenstolz, verleumden, verwegen, verhaften, bestechen), terwyl die lae gebruikswaarde van die orige drie uit die volgende frekwensie-rangnommers blyk:-

mitunter .. 2187;  
 immerhin .. 1518;  
 leidenschaftlich (Leidenschaft 903).

(c). Afgesien van die feit dat daar nie die nodige amptelike inligting in sake die metode van punttoekenning van die verskillende eksaminatore ingewin kon word nie, is die taak om die eksamenvraestelle objektief te beoordeel ook bemoeilik deurdat die skrywer nie die outoriseringsbesit om van sekere inligting waaroor by beskik op grond van persoonlike ondervinding van eksamenwerk en onderhandeling met eksaminatore en ervare leerkragte

in verskillende provinsies, gebruik te maak nie. Ten einde alle moontlike oortreding op verbode terreine te vermy, sal ons ons dan slegs op sodanige bekende feite kan beroep wat die ervaring aan alle praktiese onderwysers geleer het, en ons bloot van afleidings wat tot die gesonde verstand spreek, kan bedien.

Dis elke ervare onderwyser wat reeds min of meer die eksamenstandaard van die provinsie waarin hy werk, gepeil het, bekend dat daar in die vertalings in die reël een punt vir elke fout verbeur word waar die gemiddelde aantal woorde hoogstens  $4\frac{1}{2}$  tot 5 woorde per punt beloop, asook dat dit nie juis gebruikelik is om meer of minder as een punt per fout weg te neem nie. Hoewel ek my persoonlik dikwels van die metode bedien om te onderskei tussen foutjies en growwer foute wat van 'n algehele taal-onbeholpenheid getuig, het ek by alle promosie- en toelatingseksamens in die 16 jaar waarin ek die vak doseer het, nog altyd baie goeie rede gehad om van die veronderstelling uit te gaan dat dit geen gebruikelike praktyk in die finale St.X-eksamens is nie, en dat die eksaminatore eerder die lengte van die stuk(ke) sal wysig ooreenkomstig die moeilikheid daarvan en/of die standaard van die bepaalde eksamen, as om van 'n eenvoudiger basis van puntetoekenning af te wyk. Wat die lengte van die stukke betref, kom daar weliswaar soms aansienlike skommelings in die vraestelle van die verskillende eksaminerende liggame voor, soos blyk uit die volgende opsomming van die gemiddelde aantal woorde per punt oor twee verskillende tydperke van drie jaar elk uit die jongste verlede:

|                              | <u>1948</u> | <u>1947</u> | <u>1946</u> | <u>1944</u> | <u>1943</u> | <u>1942</u> |
|------------------------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
| Kaapse Senior Sertifikaat... | 4           | 3.9         | 4           | 5           | 4.2         | 6.6         |
| Vrystaatse Skooleind .....   | 4.2         | 5.7         | 4           | 3.6         | 4.5         | 4.3         |
| Transvaalse Eindsertifikaat  | 3.7         | 5.7         | 4.4         | 4.4         | 3.6         | 3.8         |
| Nasionale Senior Sertifikaat | 3           | 3.4         | 3.5         | 4.8         | 5.7         | 5.7         |
| Matrikulasie-eksamen .....   | 3.1         | 3.1         | 3.2         | .....       | .....       | .....       |

Dit is duidelik dat die metode van puntetoekenning in bogenoemde eksamens nie altyd dieselfde kon gewees het sonder om die standarde uit verband met mekaar te ruk nie, omdat sommige van hierdie gemiddeldes so totaal uit verhouding met dié in ander gelykstaande eksamens was, dat dit wil voorkom of die eksaminatore soms meer toeskietlik met hul puntetoekenning moes gewees het. Aangesien ons egter oor geen inligting in dié verband kan beskik nie, is slegs dié vraestelle waar daar -- te oordeel na die waarneembare feite soos hierbo aangedui -- 'n waarskynlike penalisering van minus een punt per fout toegepas sou gewees het, in aanmerking geneem vir die woordetoetse in die betrokke vrae vir opname in Tabel III.

(d). By nadere ontleding van die gegewens wat in Tabel III saamgevat is, blyk dit dat die persentasies woorde met lae verskyningskrediete wat in hierdie vertalingsvrae in die verskillende St.X-eksamens voorkom, 'n baie interessante korrelasie toon met die gegewens wat in Tabel II saamgevat is in verband met die aksentverskuiwing op die aktief-skriftelike gebruik van die taal in ons leerplanne, soos die volgende vergelyking van die persentasie-basisse in hierdie twee tabelle baie duidelik aantoon:

|  | <u>Leerplanbepalings:</u><br>persentasie punte<br>vir die aktief-<br>skriftelike gebruik<br>van die taal volgens<br>Tabel II.b.(iii). | <u>Eksamenvrae:</u><br>persentasie<br>woorde met<br>frekwensie-<br>rangnommer bo<br>2000 volgens<br>Tabel III. |
|--|---|--|
| <u>Kaapse</u> Seniorcertifikaat .....  | 60 .....  | 5.9  |
| <u>Vrystaatse</u> Skooleindcertifikaat | 56.7 of 65 <sup>1</sup> .....   | 3.3  |
| <u>Nasionale</u> Seniorcertifikaat ... | 65 .....  | 3.3  |
| <u>Matrikulasi</u> e-eksamen .....     | 50 .....  | 2.9  |
| <u>Transvaalse</u> Eindcertifikaat ... | 46.7 .....  | 2.1  |

1. Sien Hoofstuk V.2.(c).

TABEL III.

PERSENTASIE EN GETAL WOORDE MET LAE VERSKYNINGS-  
KREDIETE IN STUKKE VIR VERTALINGS IN DUI TS MET  
'N GEMIDDELDE VAN HOOGSTENS 4.5 WOORDE PER PUNT. 1)

|   | Gemid.<br>woorde<br>per punt | PERSENTASIE EN GETAL WOORDE<br>MET FREKWENSIE-RANGNOMMER: |        |               |        |
|---|------------------------------|---|--------|---------------|--------|
|   |                              | (a) bo 2000   |        | (b) 1000-2000 |        |
|   |                              | %   | Woorde | %             | Woorde |
| <u>Kaapse Senior-</u><br><u>sertifikaat.</u>    |                              |   |        |               |        |
| 1948 - 200 woorde<br>50 punte                   | 4                            | 5   | 10     | 10.5          | 21     |
| 1947 - 195 woorde<br>50 punte                   | 3.9                          | 10.3  | 20     | 13.8          | 27     |
| 1946 - 201 woorde<br>50 punte                   | 4                            | 3   | 6      | 8.5           | 17     |
| 1943 - 250 woorde<br>60 punte                   | 4.2                          | 5.6   | 14     | 11.2          | 28     |
| Totaal - 846 woorde<br>210 punte                | 4                            | 5.9   | 50     | 11.0          | 93     |
| <u>Vrystaatse</u><br><u>Skooleind.</u>          |                              |   |        |               |        |
| 1946 - 239 woorde<br>60 punte                   | 4                            | 3.8   | 9      | 8.3           | 20     |
| 1944 - 220 woorde<br>60 punte                   | 3.7                          | 3.2   | 7      | 6.4           | 14     |
| 1943 - 271 woorde<br>60 punte                   | 4.5                          | 1.8   | 5      | 5.9           | 16     |
| 1942 - 257 woorde<br>60 punte                   | 4.3                          | 4.7   | 12     | 9.3           | 24     |
| Totaal - 987 woorde<br>240 punte                | 4.1                          | 3.3   | 33     | 7.5           | 74     |
| <u>Transvaalse Eind-</u><br><u>sertifikaat.</u> |                              |   |        |               |        |
| 1946 - 111 woorde<br>25 punte                   | 4.4                          | .9  | 1      | 7.2           | 8      |
| 1944 - 88 woorde<br>20 punte                    | 4.4                          | 3.4   | 3      | 6.8           | 6      |
| 1943 - 89 woorde<br>25 punte                    | 3.6                          | 1.1   | 1      | 6.7           | 6      |
| 1942 - 95 woorde<br>25 punte                    | 3.8                          | 3.2   | 3      | 7.4           | 7      |
| Totaal - 383 woorde<br>95 punte                 | 4                            | 2.1   | 8      | 7.0           | 27     |
| <u>Nasionale Senior-</u><br><u>sertifikaat.</u> |                              |   |        |               |        |
| 1948 - 92 woorde<br>30 punte                    | 3.1                          | 4.3   | 4      | 8.7           | 8      |
| 1947 - 103 woorde<br>30 punte                   | 3.4                          | .97   | 1      | 3.9           | 4      |
| 1946 - 104 woorde<br>30 punte                   | 3.5                          | 4.8   | 5      | 8.7           | 9      |
| Totaal - 299 woorde<br>90 punte                 | 3.3                          | 3.3   | 10     | 7.0           | 21     |
| <u>Matrikulasi-</u><br><u>eksamen.</u>          |                              |   |        |               |        |
| 1948 - 254 woorde<br>80 punte                   | 3.2                          | 4.3   | 11     | 10.6          | 27     |
| 1947 - 251 woorde<br>80 punte                   | 3.1                          | 2.0   | 5      | 7.6           | 19     |
| 1946 - 260 woorde<br>80 punte                   | 3.25                         | 2.3   | 6      | 7.3           | 19     |
| Totaal - 765 woorde<br>240 punte                | 3.2                          | 2.9   | 22     | 8.5           | 65     |

1. Sien Eylae E vir woorde waarvoor die inskrywings in hierdie kolomme gemaak is.

TABEL III (vervolg).

OPSOMMING VAN TOTALE.  
(in dalende persentasie-orde gerangskik).

|                                    | PERSENTASIE EN GETAL WOORDE<br>MET FREKWENSIE-RANGNOMMER. |        |               |        |
|------------------------------------|---|--------|---------------|--------|
|                                    | (a) bo 2000   |        | (b) 1000-2000 |        |
|                                    | %   | Woorde | %             | Woorde |
| Kaapse Senior Sertifikaat .....    | 5.9   | 50     | 11.0          | 93     |
| O.V.S. Skooleindsertifikaat .....  | 3.3   | 33     | 7.5           | 74     |
| Nasionale Senior Sertifikaat ..... | 3.3   | 10     | 7.0           | 21     |
| Matrikulasie-eksamen .....         | 2.9   | 22     | 8.5           | 65     |
| Transvaalse Eindsertifikaat .....  | 2.1   | 8      | 7.0           | 27     |

TABEL IV.

MOONTLIKE GEMIDDELDE PERSENTASIES VERBEURBARE PUNTE OP  
DIE GETAL WOORDE MET LAE VEELVULDIGHEIDSINDEKSE  
VOLGENS TABEL III, BEREKEN OP 'N WAARSKYNLIKE  
PENALISERINGSBASIS VAN MINUS EEN PUNT PER FOUT.

|                                     | Getal<br>jare | Getal<br>punte | Persentasie en Getal<br>verbeurbare punte vir woorde<br>met frekwensie-rangnommer |       |               |       |
|-------------------------------------|---------------|----------------|---|-------|---------------|-------|
|                                     |               |                | (a) bo 2000   |       | (b) 1000-2000 |       |
|                                     |               |                | %   | Punte | %             | Punte |
| Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen   | 4             | 210            | 23.8  | 50    | 44.3          | 93    |
| Vrystaatse Skooleindeksamen .....   | 4             | 240            | 13.8  | 33    | 30.8          | 74    |
| Nasionale Senior Sertifikaateksamen | 3             | 90             | 11.1  | 10    | 23.3          | 21    |
| Matrikulasie-eksamen                | 3             | 240            | 9.2   | 22    | 27.1          | 65    |
| Transvaalse Eindsertifikaateksamen  | 4             | 95             | 8.4   | 8     | 28.4          | 27    |

As daar in aanmerking geneem word .....

- (i) dat die vraestelle onder beskouing nie na willekeur geneem is nie, maar volgens die bepaalde beginsel van 'n maksimum aantal woorde per punt (dit is, 4.5), en
- (ii) dat alle vraestelle van die afgelope paar jaar wat onder laasgenoemde kategorie val, vir dié doel ingesluit is,

dan moet bogenoemde merkwaardige feit miskien eerder op die krediet van die eksaminatore geplaas word vir hul juiste vertolking van die gees van die leerplanne in hul eksamenvraestelle, as dat dit aan toevallige omstandighede toegeskryf kan word.

(e). In Tabel IV wat die moontlike gemiddelde persentasie verbeurbare punte op woorde met lae veelvuldigheds-indekse in die verskillende St.X-eksamens aantoon, vind ons ook 'n duidelike bevestiging vir die feit dat daar in die Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen 'n baie hoër persentasie punte prysgegee kan word vir afwykings van die gewone trant woordeskat as in enige ander gelykstaande eksamen. Die volgende voorbeelde van woorde met lae verskyningskrediete wat in drie opeenvolgende Kaapse Senior Sertifikaat-eksamens voorgekom het, kan die oortuiging sterk dat ons in hierdie provinsie ook wel enigiets in die finale eksamen kan verwag:

1942: 'n bestaan; voorspel; verwarring; droefgeestig; op te spoor; aanskou; is bekoor; te verstaan gegee; besef.

1943: rand; verslete; vermeende; bekostig; voorwerp; broodnodig.

1944: kaserne; rekrut; gesalueer; oorhandig; ongestoord versadig; bestel; vertrou; idee; opgedaag; toegewerp.

Dit is trouens ook die geval in die Junior Sertifikaat-eksamens waar daar in die Kaapse eksamenvraestelle baie meer woorde met lae veelvuldigheds-indekse voorkom as in dié van die ander twee eksaminerende liggame wat nog hierdie tipe vraag behou het -- dit is, die Vrystaatse Junior Sertifikaat-eksamen

en dié van die Universiteit van Suid-Afrika. Die toepassing van woordetoetse op 'n paar vraestelle van laasgenoemde twee eksamenrade het duidelik aan die lig gebring, dat ons in hierdie eksamen veel meer die eenvoudiger, verhalende trant vind, hoewel ongelukkige jare hier ook soms kan voorkom soos later in hierdie hoofstuk sal blyk<sup>1</sup>. Daarenteen toon die volgende enkele voorbeelde van woorde met lae veelvuldigheds-indekse uit 'n paar Kaapse Junior Sertifikaat-vraestelle, dat die eksaminatore die aandrang op 'n skriftelike taalbeheersing wat ons in hierdie Kaapse leerplan vind, so suiwer aangevoel het, dat hul vraestelle volkome in die gees van die leerplan staan:

.... omring; lae; ongasvry; uitvind; vertrekke; reisigers; vallei (1947); ....

.... koets; hawe; aankoms; diewe; buit; kaptein; skatte; verleë (1946); ....

.... oes; oestyd; gemaai; verdeel; weiveld; bepaalde; eerlik (1944); ....

.... som geld; verdeel; sodat (in doelsin!); aangeval; besitter; suksesvol (1940); ...

.... kroon; wieg; weerstaan; gewen; geëer (1938) ...

.... sekere; rondgeloop; lantern; hulp (1937) ... en so

meer.

Net soos in die geval van die Kaapse leerplanne, moet ons by hierdie eksamens met hul kenmerkende woordeskat-afwykings egter ook die vraag stel, hoe hierdie praktyke te rym is met die geformuleerde doelstelling waarin daar geen plek aan die skriftelike gebruik van die taal toegesê is nie.

4. Kritiese ontleding van eksamenvraestelle: Vereiste passiewe herkennings-tipe woordeskat en uitdrukkings-vorme.

(a). Waar dit uit voorgaande bevindinge duidelik geblyk het dat

---

1. Sien onder-afdeling 6 van hierdie hoofstuk.

die eksamenwerk op die leerplanne waarin die aktiewe skriftelike gebruik van die taal sterker beklemtoon word, eweseer deur 'n groter afwykende herroepings-tipe woordeskat-beklemtoning gekenmerk word, ontstaan die vraag ook in hoever dié leerplanne wat die aksent weer in 'n groter mate op die begripsvermoë en meer uitgebreide leesbelange verskuif, soos die Transvaalse en Nasionale Junior Sertifikaat-leerplanne, ewe-eens 'n groter passiewe herkennings-tipe woordeskatbeheersing in die eksamens sal vereis. In Hoofstuk V het dit reeds geblyk dat die passiewe herkenning en aktiewe herroeping van 'n bepaalde vorm verskillende psigiese werksaamhede veronderstel; en waar daar minder na 'n aktiewe herroepings-tipe woordeskat- en taalbeheersing gestreef word, volg dit dat die meer uitgebreide leesprogramme wat sodanige praktyke sal kenmerk, die leerling met 'n groter woorde- en idioom-skat vir herkenningsdoeleindes in aanraking sal kan bring. Daarom verdien hierdie gesigspunt veral ons aandag in verband met die Vertalings uit Duits en die Begrips-toetse wat hierdie herkenningsvermoë van die leerling wil toets.

(b). Vir 'n kritiese ontleding van die stukke wat uit Duits vertaal moet word, het ons egter nie dieselfde objektiewe maatstawwe as vir die vertalings in Duits nie, omdat die frekwensiebeginsel hier beswaarlik as 'n uitgangspunt aanvaar kan word. Die toets is hier immers nie hoeveel Duits die leerling self kan gebruik nie, maar hoeveel hy kan verstaan van wat daar gelees word, wat noodwendig 'n aansienlik-uitgebreide herkennings-tipe woordeskat en -uitdrukkingsvorme moet veronderstel as ons enigsins iets in hierdie rigting met die studie van die vreemde taal wil bereik. Om dus in hierdie afdeling slegs tot die woorde met die hoogste gebruikswaarde beperk te word, sou 'n onsinnige verenging van die doelstelling wees omdat die leerlinge ook juis die moeiliker tipe woorde en uitdrukkingsvorme uit die sinsverbande moet leer begryp om 'n redelike lees kennis en begripsvermoë in die vreemde taal te kan ontwikkel. Daarom

sal ons hier slegs op gesonde-verstand-metodes kan terugval, waarby ons ons egter deur die volgende beginsels kan laat lei:-

(i) Daar moet in die eksamenvraestel terdeë rekening gehou word met die omvang van die gekontroleerde leesprogramme waaraan die leerling reeds deelgeneem het op die bepaalde ontwikkelingstrap waarvoor daar getoets word. Hierby sal die feit in aanmerking geneem moet word dat ons leerplanne, met hul aandrang op die aktief-skriftelike taalbeheersing, oor die algemeen geen uitgebreide leesprogramme aanmoedig of genoegsame tyd daarvoor vrystel nie.

Ingewikkelde sinskonstruksies, ongewone woordkeuse en duiselingwekkende lang sinne wat selde goed begryp kan word deur die kandidaat vir wie dié taal nog 'n vreemde taal gebly het, sou dan heeltenal strydig wees met die gees van ons leerplanne, en die kandidaat wat nog altyd sy tyd verkwis het op 'n vry-hopelose poging om 'n paar eenvoudige sinnetjies te konstrueer ten einde by die skriftelike eksamenmetodes te probeer verbyskram en gevolglik nog nooit behoorlik in die geleentheid gestel was om met goeie insig en begrip te leer lees nie, totaal oorweldig. Onder hierdie omstandighede sal daar veral van die St.VIII-leerling nog heel weinig verwag kan word in die lyn van 'n uitgebreide passiewe herkennings-tipe woordeskat.

(ii). Dit sou verder onbillik wees om enige tegniese woordeskat in die vertalings in te sluit, aangesien die onderwys van 'n suiwer algemene, nie-tegniese aard moet wees waarop die leerling in sy latere lewe kan voortbou vir die bevrediging van sy besondere belangstellings in 'n bepaalde rigting.

(iii). Daarby moet daar ook rekening gehou word met die feit dat dit nie nodig is om elke woord te kan vertaal ten einde te begryp wat daar gelees word nie, hoewel die gevoel van bekendheid met die woorde en uitdrukkings die begrips-

vermoë verder sal inskerp. Daarom sou hierdie vertalingstoetse alleen dan as 'n redelike toets vir die begripsvermoë van die leerling beskou kan word, wanneer hul minstens op genoegsame wyse deur die begripstoetse aangevul word wat reeds ons nadere aandag in Hoofstuk V geniet het.<sup>1</sup>

Met hierdie beginsels as 'n algemene leidraad kan ons nou sommige van die vrae op hierdie afdeling van die werk in oënskou neem.

(c). Dit moet 'n mens dadelik opval dat die volgende voorbeelde van vertalingsvrae wat uit sommige van ons Juniorsertifikaat-eksamenvraestelle geneem is, beslis gesien moet word as 'n baie strenge toets of die leerling reeds wyd gelees het, wat hoegenaamd nie in verband gebring kan word met die soort praktiese waarin die leerling op hierdie stadium nog deur ons leerplanne gedwing word nie. (Ek kursiveer sekere woorde wat moeilikheids kan oplewer, en gee soms voorbeelde van dié soort vertalings wat dikwels voorkom, tussen hakies aan):

(i) Vrystaatse Juniorsertifikaat-eksamen:

- 1948: "Wir erreichten endlich den Fluss unseres Ziels (die vloed van ons siel?), aber zu unserem Bedauern war es nicht zum Baden geeignet".
- 1947: "Die arme Waise dauerte ihn".  
"Er kondolierte ihr zum Verlust ihrer Eltern".
- 1946: "Fast unerlaubt kam es ihm vor, sich solchen Aufwand zu gestatten".
- 1943: "Der Wirt wollte die doppelte Kreide (die dubbele kryt!) nicht sparen, und sagte, noch ein paar Goldstücke musste er zulegen".  
"Wenn wir auch eine Weile ausbleiben ('n wyle uitbly), so hab keine Sorge um uns (so het geen sorgo oor ons nie!), wir werden schon (reeds!) wieder zurückkehren".
- 1938: " .... entgegnete Puck (die Fliege) gelassen und fuhr sich mit den Beinen über die Flügel".
- 1933: "Seine Voraussage bestätigte sich alsbald" (?!)

"... und das Exempel hat er nie statuiert"

"Immer fidel war das, als wenn's jeden Tag was geschenkt gekriegt hätte".

(ii). Kaapse Junior Sertifikaat-eksamen:

1947: "... wo der Rhein plötzlich nach Norden umbiegt"

1946: "... dass die Katze der Maus den Garaus machen würde"

1940: "Dieser Vorschlag gefiel dem Schuster, und er machte sich sofort auf den Weg" (Hierdie voorslag het op die skoemaker geval, en hy het dadelik weggehardloop!)

1939: "Neulich teilt nun ein Forscher mit, dass auch gewöhnliche Feldmäuse sich zu ihrer Heimstätte immer wider zurückfinden!"  
"Gestern begegnete ich meinem alten Schulkameraden und dessen vor kurzem berühmt gewordenem Sohn".

1935: "Der Betrüger war zu schlau, als dass er sich verraten hätte!"

(iii). In die Junior Sertifikaat-vraestelle van die ander drie eksaminerende liggame het hierdie soort ingewikkelde sinskonstruksies my minder opgeval. Met die uitsondering van die gekursiveerde woorde, behoort sinne soos die volgende geen noemenswaardige moeilikhede op te lewer nie:

"... bereite dich zu einem schimplichen Tode" (Nasionale Junior Sertifikaat, 1948).

"Weil das Klima an der Küste mir gar nicht zusagte ... en "Das wird die beste Unterhaltung für Sie sein" (Universiteit van Suid-Afrika, 1948).

"Die Feinde werden unsere Grenzen überschreiten und unser ganzes Land verheeren"; en "Er .... spielte auf seiner Flöte ..... und erwarb sich dadurch seinen Unterhalt" (Universiteit van Suid-Afrika, 1946).

In die stukkie vertaling in die Transvaalse Junior Sertifikaat-vraestelle oor die afgelope sewe jaar het ek slegs die suiwere en onbewimpelde verhaaltrant gevind, en nie die minste neigings tot blokkiesraaiselagtighede wat die leerling op hierdie ontwikkelingsstrap moet verbyster nie.

(d). In die St.X-vraestelle kry ons jaar na jaar, egter, voorbeelde van vertalings wat die leerlinge nie sonder 'n behoorlike wapenrusting kan aandurf sonder om daardeur in die slag te bly nie. Ek noem hier slegs enkele voorbeelde:-

Vrystaatse Skooleind: 1944 -- "Unserem Hänsel jedoch, ist sein Los nicht in äusserm Glanz und Herrlichkeit gefallen".

Transvaalse Eindsertifikaat: 1942 -- "Dem Kaiser selbst versagten wir Gehorsam, da er das Recht zu Gunst der Edlen bog"  
1947 -- "Gut erzogene Kinder sind immer zuvorkommend".

Nasionale Seniorsertifikaat: (November) 1942 -- "Vor dem aus unbehauenen Steinen errichtete Turm". "Beschauliche Gemütlichkeit". (November) 1946 -- "Ich freute mich, doch vielfach helfen und noch mehr, trösten und seelisch heben zu können". "Solange die Praxis regelmässig und kräftig wuchs, überwog auch wohl zumeist die Freude am Gelingen und, was ich durchaus nicht zu leugnen beabsichtige, auch die Freude daran, dass....." (November) 1947 -- " ... wie sehr seine Enkel den Hof verlotterten".

Matrikulasie-eksamen: 1938 -- "Untersteh dich nur, mir solches zuzumuteh!". 1948 -- "Jetzt kamen Flüchtlinge kreischend durch den Wald gestoben".

Kaapse Seniorsertifikaat: 1941 -- " .... eine mit selbstlosester Liebe sorgende Freundin".  
1943 -- " ... weigerte sich etwas zu energisch".  
1944 -- "Dabei schien er ihn mit nörgelnden Worten zu reizen"  
... "dass kaum die dunklen Bergrücken sich vom Himmel abheben ...."  
1945 .. "Anderseits legte der langwierige Krieg doch die Grundlage zu einer grosszügigeren Entwicklung. Ein Teil der Ansiedler hatte am Frachtfahrten für die Truppen gut verdient, die naturgemäss auch sonst viel Geld im Lande liessen. Dazu kamen die Entschädigungen, die eine Wiederaufnahme der eingestellten Betriebe ermöglichen sollten"  
1947 ... " als sich zeigte, dass zur Ausbeutung der Diamantfelder Kapital erforderlich sei". "... und überliessen die Ausbeutung der Felder den sich bildenden kapitalistischen Gesellschaften".

In alle billikheid teenoor die eksaminatore wat vir bogenoemde en dergelike tipe eksamenvrae verantwoordelik was, wil ek hier beklemtoon dat ons op hierdie stadium ~~minstens~~ reeds 'n baie uitgebreide herkennings-tipe woordeskatbeheersing van die kandidaat behoort te verwag, mits die leerplanne op genoegsame wyse voorsiening maak vir die verwesenliking van hierdie ideaal. Dit is egter te betwyfel of die gewone intensiewe studie van die voorgeskrewe werke (met die oog op die beantwoording van 'n paar inhoudsvrae in 'n skriftelike eksamen) as 'n genoegsaam-omvattende leesprogram gesien kan word om die leerling daardie bekendheid met die taal te besorg, wat as 'n behoorlike toerusting kan dien vir 'n volkome begrip van hierdie tipe vertalingswerk wat soms in die eksamen vereis word; en aangesien ons

leerplanne oor die algemeen nog heel weinig voorsiening maak vir 'n uitgebreide program van gekontroleerde leeswerk, wil dit voorkom of die eksaminatore hier soms probeer maai waar daar ni deur die gees van die leerplanne gesaai is nie. Al sou daar ook toegegee kon word vir die feit dat bogenoemde voorbeelde wel as die uitsonderlike gevalle beskou moet word, dan bly sulke uitsonderings nog altyd 'n vergryp teen die gees van die leerplanne waarin die belangrikheid van 'n gevorderde lees kennis nog steeds in die gedrang gekom het deur ons aandrang op die skriftelike taalbeheersings-praktyke.

Dit is ook enigszins bevreemdend dat die voorrang wat die aktiewe woordeskat- en taalgebruik in die Kaapse leerplanne en eksamen vraestelle geniet, geen inkorting van die passiewe herkenningstipe woordeskat tot gevolg het in vergelyking met dié van die ander eksaminerende liggame nie, temeer daar dit reeds by implikasie geblyk het dat hierdie twee rigtings waarop die onderwys kan afstuur, heeltemal verskillende metodes veronderstel, dit is die langsame grammatiese en skryfmetodes teenoor die meer vlugge leesmetode onderskeidelik. Die onvermydelike gevolg kan hier slegs wees, dat geen een van die doelstellings wat ten grondslag lê aan hierdie verskillende praktyke, behoorlik tot hul reg sal kom nie, afgesien nog van die feit dat eers genoemde metode reeds vanuit 'n doelstellings-oogpunt verwerp is in hoofstukke IV en V. Daarenteen het ons in die Transvaalse eksamens en dié vir die Nasionale Juniorsertifikaat waar die leerplanne die aksent in 'n veel mindere mate op die aktief-skriftelike gebruik van die taal plaas, geen hoër vereistes in sake die passiewe herkenningstipe woordeskat en geen spore van dié raaiselagtige tipe vraag wat die taalstudie in ontsyferingspraktyke kan laat ontaard, gevind nie.

(e). Wat die begripstoetse betref, wil ek slegs enkele voorbeelde aanhaal om te bewys dat hierdie tipe vraag in die praktyk dikwels nie veel meer is as 'n bedekte metode om die

kandidaat se vermoë vir eie uitdrukking in die vreemde taal te toets nie. Die aanknopingspunt kan ons vind in die volgende gedeelte uit die verslag van die eksaminator vir die matrikulasie-eksamen van November-Desember 1947: "In die begripstoets word punte nie toegeken vir 'n woordelike weergawe van 'n sin of paragraaf uit die prosastuk nie". 'n Mens sou dus verwag dat die vrae in die vraestel van so 'n aard moes gewees het, dat die antwoorde hulself tot baie moontlikhede van her-rangskikking van die woorde van die teks sou leen, indien die suiwere begripstoets-idee nie met ander doelstellings verwar moes word nie. In die volgende voorbeelde uit die betrokke vraestel,<sup>1</sup> waarby ek telkens die vraag en die sleutel vir die antwoord uit die teks plaas, blyk dit, egter, dat die kandidaat hom op niks anders as sy eie pogings tot self-uitdrukking kon verlaat het indien hy hom nie van 'n woordelike weergawe uit die teks sou kon bedien nie:

Vraag (ii): "Aus welchem Grunde gab Klinge nicht direkt seine Ansichten?". Sleutel: "Klinge antwortete so ausweichend wie möglich, denn er wollte nicht gern etwas sagen gegen jemanden, der für ihn sorgte, besonders wenn er ihm am Abend so freundlich einen willkommenen Becher vorsetzte".

Vraag (iii): "Über welche Frage wollte er Klinges ehrliche Meinung erfahren?". Sleutel: "Aber heute abend wollte Hein offenbar Klinges wirkliche Meinung hören, denn er fragte ihn schliesslich geradeheraus, was der liebe Gott wohl eigentlich auf Erden mit dem Menschen vorhabe".

Vraag (vii): "Wodurch kam es, dass Klinge dennoch endlich antwortete?". Sleutel: "Klinge konnte nicht mehr Widerstand leisten, auch war er durch die Winterkälte gesprächiger geworden. Die vielen Becher dieser Nacht wirkten endlich, machten ihn toll oder betrunken".

In die Maart-vraestel van die volgende jaar, wat 'n aanvullende gedeelte van die 1947-eksamen is, vind ons dieselfde strekking in nommers (d), (f), (g) en (i) van vraag 8. In vraag 8(d) lees ons: "Was für Gedanken machte sie sich über diesen Besuch?", en die sleutel vir die antwoord vind ons in die volgende gedeelte uit die teks: "Jungfer Kruse hatte in ihrem Leben allerhand feine Leute gesehen - aber so etwas wie Fräulein Barre die hübsche Majorstochter, noch nie. Dass jemand so ausser-

1. Matrikulasie-eksamen, Duits, Nov.-Des. 1947; Vraag 8.

ordentlich Vornehmes hier hereinschneien sollte, war doch kein Zufall, sondern eine Fügung vom Himmel. Ihr Herr, der junge Wilhelm, war ja längst heiratsfähig, und in ihren Augen schien für ihn keine zu gut".

Die antwoord op hierdie vraag skemer slegs vaag deur in die teks; die kandidaat moet egter duidelik antwoord dat Jungfer Kruse die hoop van 'n moontlike huwelik gekoester het. Om dit te kan doen, moet hy in staat wees om die taal skriftelik te kan gebruik, welke taalvermoë egter geensins inbegrepe is by die gees van die leerplanbewoording "... vir 'n behoorlike begrip van die betekenis"<sup>1</sup> nie. Dit is derhalwe moeilik om hierdie tipe vraag wat baie algemeen in ons eksamenvraestelle voorkom, met die gees van die leerplanne te versoen; en daarom mis die vrae op hierdie afdeling van die werk al te dikwels hul doel. Indien die toets enkel en suiwer is of die leerling begryp wat hy gelees het, moet die vrae op sodanige wyse opgestel word, dat die antwoorde op 'n natuurlike wyse uit die teks kan vloei deur geringe verandering van woorde, woordorde, en so meer, sonder dat die leerling op sy eie, onbehoë pogings om die taal skriftelik te gebruik of op 'n te letterlike weergawe uit die teks hoef terug te val.

##### 5. Kritiese ontleding van eksamenvraestelle: Taalkunde-afdeling.

(a). Omdat hierdie afdeling van die werk veral met die konstruksievorms van die taal te doen het, kan die frekwensiebeginsel vir ons hier ook van weinig hulp wees as 'n maatstaf vir die beoordeling van die standaard van die vrae. Sommige vrae, soos die aangegewe woorde vir sinsgebruik en die keuse van die regte woorde uit 'n paar aangegewe moontlikhede, het in 'n sekere sin ook ten doel om sekere vermoëns van die leerling op die veel ruimer gebied van passiewe herkenning, wat buite die bruikbaarheidsgebied van die frekwensiebeginsel val, te

---

1. Gemeenskaplike Matrikulasieraad: "Handboek vir die Matrikulasië-eksamen", 1949, bl.89.

toets, terwyl laasgenoemde beginsel by die gebruiklike woordafleidings eweseer 'n te enge grondslag vir analisering bied, omdat ons hier juis rekening wil hou met die mag van die assosiasie-werking, en hierdie kragtige geestesfunksie vir opvoedkundige doeleindes wil eksploiteer. Aangesien die frekwensiebeginsel in hierdie afdeling dus slegs in enkele en uitsonderlike gevalle soos by sekere woord- en idioom-vertalings in Duits, van krag kan wees, en gevolglik van weinig hulp is vir 'n beoordeling van die afdeling as 'n geheel, het ek daarvan afstand gedoen en na ander maatstawwe gesoek wat ek hier as volg wil aandui:-

(i). Daar word vandag 'n groot behoefte aan 'n sogenaamde "funksionele grammatika" gevoel, wat ek hier veral moet bestempel as 'n studie van die taalvorms in hul lewende gebruik, in teenstelling met die meer "formele" behandeling van die grammatika wat eintlik as 'n "vorm"-studie aangedui moet word, dit is, die studie van die taalvorms as sodanig en in abstrahering of uit hul verband met die lewende taalgebruik geneen.<sup>1</sup> Die formele behandeling van die grammatika wil die taalstudie op die logiese standpunt stel: daar moet eers 'n hele vrag vervoegings, verbuigings, taalreëls met volledige uitsonderings en rympies aangeleer word, sodat die taal dan later as 't ware op 'n konstruktiewe wyse uit hierdie vorms "gefabriseer" kan word. Hierdie formele metode is die mees onnatuurlike en onpraktiese vorm van taalstudie waarteen die taalpedagogiek reeds sedert die dae van Viëtor en Gouin in opstand gekom het. Daarom moet dit die eerste toets vir die vrae oor die taalkunde wees of hul die funksionele of die formele aspek van die taalstudie sal aanmoedig.

(ii). 'n Verdere toets is, of die eksaminatore die gees van die leerplanne reg vertolk.

(b) Ten einde vas te stel in welke mate ons eksamenvrae-

---

1. Vergelyk: a. Van Vuuren: "Ons Skole en die Tweede Taal", 78-81.  
b. Taute: "Opvoedende Onderwys", 301.  
c. Ballard: "Teaching the Mother Tongue", 10.

stelle aan bogenoemde vereistes voldoen, moes die persentasie punte wat daar oor 'n aantal jare aan sekere soorte vrae toegeken is, bereken word. Vir hierdie doel is die vrae onder vier hoofde in Tabel V. geklassifiseer, naamlik:-

Vrae oor funksionele taalkunde;  
Vrae oor formele grammatika;  
Vrae oor woordgebruik en idioom; en  
Vrae oor sinsleer (vir die St.X-eksamens) .....

terwyl die vrae oor die Lydende Vorm in die Juniorsertifikaat-eksamens onder die afdeling vir die formele grammatika tuisgebring is, omdat laasgenoemde gedeelte van die grammatika op hierdie stadium veral nog 'n formele studie verg.

Aangesien die rou gegewens vir hierdie berekening duidelik aangetoon het dat die vraestelle vir die matrikulasie-eksamen en die Nasionale eksamens van die Unie-Onderwysdepartement nie te sterk na enige bepaalde rigting oorgehel het nie, is daar om praktiese redes slegs vir die drie provinsies getabuleer wat die grootste verskille openbaar. Om die beste moontlike verspreiding van die vraestelle van verskillende eksaminatore in die jongste verlede te kry, het ek vir die Juniorsertifikaat-eksamen slegs vir die gelyke jaartalle vanaf 1942 getabuleer, met toevoeging van die 1947-vraestel vir die St. X-eksamens om 'n beter gemiddelde te verseker vir hierdie eksamen waarin die punte vir die afdeling meer beperk is.

(c). Daar moet nou veral op die volgende gegewens gelet word wat duidelik uit Tabel V blyk:-

(i). Formele en funksionele taalkunde en betekenisleer: In die Kaapse en Transvaalse eksamens is daar baie weinig erkenning aan die formele tipe grammatika-vraag verleen, terwyl laasgenoemde nog 'n groot rol in die Vrystaatse eksamens speel.

In die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamenvraestelle is daar in die vier jaar waarvoor getabuleer is, meer as tagtig persent van die punte vir die afdeling aan die tipe vraag wat op die suiwer funksionele Taalkunde afstuur, toegeken, wat as 'n baie gesonde rigting beskou moet word. Ook in die Transvaalse Eindsertifikaat-eksamen speel hier-

TABEL V.

PUNTEVERSPREIDING IN EKSAMENVRAE OOR TAALKUNDE-  
AFDELING ONDER BEPAALDE HOOFDE TUISGEBRING.

(a) St.X-eksamens:

|   | Kaappro-<br>vinsie. | Trans-<br>vaal. | Vry-<br>staat. |
|---|---------------------|-----------------|----------------|
|   | 1948                | 1948            | 1948           |
|   | 1947                | 1947            | 1947           |
|   | 1946                | 1946            | 1946           |
|   | 1944                | 1944            | 1944           |
|   | 1942                | 1942            | 1942           |
| Totaal vir aangegewe jaartalle .....                            | 260                 | 190             | 300            |
| <u>Vrae oor Funksionele Taalkunde:</u>                          |                     |                 |                |
| Regte vorme en sinsvoltooiing .....                             | 21                  | 34              | 27             |
| Werkwoordsverandering in sinne .....                            | -                   | 16              | 6              |
| Enkelvoud en Meervoud (omsetting) ..                            | -                   | -               | 8              |
| TOTAAL .....  | 21                  | 50              | 41             |
| Persentasie van geheel ...                                      | 8                   | 26.3            | 13.7           |
| <u>Vrae oor Formele Grammatika:</u>                             |                     |                 |                |
| Verbuigings .....   | -                   | -               | 34             |
| Naamvalsforms .....   | -                   | 3               | 16             |
| Vervoegings en werkwoordsverandering<br>buite sinsverband ..... | 5                   | 10              | -              |
| Trappe van vergelyking (buite sins-<br>verband .....            | -                   | -               | 18             |
| Hoofdele van werkwoorde .....                                   | 5                   | -               | 13             |
| TOTAAL .....  | 10                  | 13              | 21             |
| Persentasie van geheel ...                                      | 3.9                 | 6.8             | 27             |
| <u>Vrae oor Woordgebruik en Idioom:</u>                         |                     |                 |                |
| Woorde en idiome vir sinsgebruik ...                            | 59                  | 57              | 86             |
| Passende woorde in ope spasies .....                            | 20                  | -               | -              |
| Woordvorming en woerdkeuse .....                                | 63                  | 15              | 34             |
| Teenorgestelde Betekenis .....                                  | 6                   | -               | 8              |
| Skeibare en Onskeibare werkwoorde ..                            | -                   | -               | 15             |
| Idiomatiese uitdrukkings .....                                  | 20                  | -               | -              |
| Invul van Voorsetsels .....                                     | 21                  | 5               | 17             |
| TOTAAL .....  | 189                 | 77              | 160            |
| Persentasie van geheel ...                                      | 72.7                | 40.6            | 53.3           |
| <u>Vrae oor Sinsleer:</u>                                       |                     |                 |                |
| Aktief en Passief .....   | -                   | 14              | 12             |
| Indirekte Rede en Konjunktief .....                             | 32                  | 22              | 6              |
| Sinsbou .....   | 8                   | -               | -              |
| Sinsvoltooiing .....  | -                   | 14              | -              |
| TOTAAL .....  | 40                  | 50              | 18             |
| Persentasie van geheel ...                                      | 15.4                | 26.3            | 6              |

(b) Junior Sertifikaat-eksamens: (vervolg op volgende bladsy).

TABEL V. (vervolg).

(b) Juniorsertifikaat-eksamens:

|  | Kaappro-<br>vinsie. | Trans-<br>vaal. | Vry-<br>staat. | Univer-<br>siteit<br>van S.A. |
|--|---------------------|-----------------|----------------|-------------------------------|
|  | 1948                | 1948            | 1948           | 1948                          |
|  | 1946                | 1946            | 1946           | 1946                          |
|  | 1944                | 1944            | 1944           |                               |
|  | 1942                | 1942            |                |                               |
| Totaal vir aangegewe<br>jaartalle .....                              | 300                 | 492             | 265            | 200                           |
| <u>Vrae oor Funksionele</u>  |                     |                 |                |                               |
| <u>Taalkunde:</u>  |                     |                 |                |                               |
| Regte vorms en sinsvol-<br>tooiing .....                             | 110                 | 110             | 34             | 18                            |
| Werkwoordsverandering in<br>sinne .....                              | -                   | 98              | -              | 8                             |
| Enkelvoud en Meervoud<br>(omsetting) .....                           | 25                  | 121             | 13             | 32                            |
| Trappe van Vergelyking<br>(in gebruik) .....                         | -                   | 9               | 3              | 10                            |
| Voorsetsels in sinne ...   | -                   | -               | 15             | -                             |
| Praktiese gebruik (beant-<br>woording van vrae, ens.)                | -                   | 57              | -              | -                             |
| TOTAAL .....   | 135                 | 395             | 65             | 68                            |
| Persentasie van geheel   | 45                  | 80.3            | 24.6           | 34                            |
| <u>Vrae oor Formele Grammatika:</u>                                  |                     |                 |                |                               |
| Verbuigings .....  | -                   | -               | 48             | 30                            |
| Naamvalsvorms .....  | -                   | 20              | 21             | -                             |
| Vervoegings en Werkwoords-<br>veranderings buite sins-<br>band ..... | -                   | 23              | 40             | 19                            |
| Trappe van Vergelyking<br>(buite sinsverband) ..                     | -                   | 8               | 17             | -                             |
| Hoofdele van werkwoorde  | 10                  | -               | 16             | 12                            |
| Lydende Vorm (omsetting)   | -                   | -               | 20             | 14                            |
| TOTAAL .....   | 10                  | 51              | 162            | 75                            |
| Persentasie van geheel   | 3.3                 | 10.4            | 61.1           | 37.5                          |
| <u>Vrae oor Woordgebruik en</u>                                      |                     |                 |                |                               |
| <u>Idioom:</u>   |                     |                 |                |                               |
| Woorde vir sinsgebruik .   | -                   | -               | 28             | 22                            |
| Passende woorde in ope<br>spasies .....                              | 15                  | 15              | -              | -                             |
| Woordvorming en Woordkeuse   | 45                  | 20              | -              | 25                            |
| Teenoorgestelde betekenis  | 10                  | 11              | -              | -                             |
| Idiomatiese uitdrukkings<br>(vertaling in Duits) ..                  | 20                  | -               | -              | -                             |
| Invul van Voorsetsels ..   | 15                  | -               | -              | 10                            |
| Woordvertalings .....  | 15                  | -               | -              | -                             |
| Konstruksie-vertalings<br>(grammatikaal) .....                       | 30                  | -               | 10             | -                             |
| Lidwoorde by Selfstandige<br>Naamwoorde .....                        | 5                   | -               | -              | -                             |
| TOTAAL .....   | 155                 | 46              | 38             | 57                            |
| Persentasie van geheel   | 51.7                | 9.3             | 14.3           | 23.5                          |

(c) Opsomming van Persentasies: (vervolg op volgende bladsy)

TABEL V. (vervolg)

(c) Opsomming van Persentasies:

|                        | Kaapprovinsie. |      | Transvaal. |      | Vrystaat |      | Univerteit van S.A. |
|------------------------|----------------|------|------------|------|----------|------|---------------------|
|                        | J.S.           | St.X | J.S.       | St.X | J.S.     | St.X | J.S.                |
| Funksionele Taalkunde  | 45             | 8    | 80.3       | 26.3 | 24.6     | 13.7 | 34                  |
| Formele grammatika ... | 3.3            | 3.9  | 10.4       | 6.8  | 61.1     | 27   | 37.5                |
| Woordgebruik en Idioom | 51.7           | 72.7 | 9.3        | 40.6 | 14.3     | 53.3 | 28.5                |
| Sinsleer .....         |                | 15.4 |            | 26.3 |          | 6    |                     |

die aspek van die taalstudie nog 'n aansienlike rol, hoewel die aksent hier reeds in 'n meerdere mate op die woord - gebruik en idioom verskuif is.

In die Kaapse Junior Sertifikaat-eksamen word daar ook byna vyftig persent van die punte vir hierdie afdeling aan die funksionele tipe vraag toegesê, hoewel die aksent hier reeds baie sterk op die Woordgebruik en Idioom verskuif is wat meer as vyftig persent van die punte vir die afdeling bedra. In die Kaapse Senior Sertifikaat-eksamen vind daar, egter, 'n byna algehele aksentverskuiwing na die woordgebruik en idioom plaas (72.7 persent van die punte in die afdeling), terwyl die vrae oor sowel die funksionele as die formele grammatika hier feitlik geen rol speel nie.

In die Junior Sertifikaat-vraestelle van die Universiteit van Suid-Afrika is die punte vir die drie tipes vrae wat in Tabel V aangedui word, min of meer gelykop verdeel, maar in die Vrystaatse Junior Sertifikaat-eksamen val die hoofaksent nog altyd op dié formele tipe vraag wat die Kaapse en Transvaalse eksaminatore reeds feitlik oor boord gedoen het. Ook in die Vrystaatse Skooleindvraestelle vind ons nog 'n algemene traagheid om van hierdie tradisie van die verlede weg te breek, en word hierdie tipe vraag nog gereeld ingesluit. Ons besit geen bewyse dat die Vrystaatse leerling as gevolg van hierdie praktyke juis

beter in die vak presteer as dié van die ander provinsies nie; daarenteen het die onderwyswêreld van reeds kennis geneem van die duidelike uitsprake van die taalpedagogiek teen hierdie formele resep van taalonderwys waarby ons ons dermate op die geraamte van die taal doodgestaar het, dat ons daardeur die siel van die lewende taal verloor het.

(ii). Die vertolking van die gees van die leerplan: 'n Paar feite van belang moet in hierdie verband genoem word:-

In die eerste plek moet die besondere aksent wat daar in die Taalkunde-afdeling van die Kaapse eksamenvraestelle op die woordgebruik en idioom geplaas word, as 'n getroue vertolking van die gees van die Kaapse leerplanne gesien word, omdat 'n groot woorde- en idiomeskakel immers 'n baie noodsaaklike vereiste vir die aktief-skriftelike gebruik van die taal is. Daarom is dit ook interessant om daarop te let dat die Vrystaatse Skooleind-eksamenvraestelle hier 'n besonder hoë persentasie (naamlik 53.3%) geregistreer het, omdat die aktief-skriftelike gebruik van die taal in die leerplan vir hierdie eksamen ewe-eens sterk oorweging geniet.1.

In die tweede plek moet die veel sterker aandrag op die funksionele in die Transvaalse vraestelle ook tot die leerplanne herlei word, vanweë die feit dat die Transvaalse Junior Sertifikaat-leerplan dié tipe vraag baie duidelik beperk tot "oorsetting", "omsetting" en "hervorming" van sinne, terwyl die vrae oor die buigingsleer en sintaksis volgens die Eindsertifikaat-leerplan hoofsaaklik gegrond sal wees op die boeke wat gelees is.2

(d). Die algemene en afwykende taalweë: Die kwessie van die aksentverplasing op die funksionele Taalkunde wat ons veral in die Transvaalse eksamens vind, staan ook in verband met die vraag of die eksaminatore oor die algemeen die breë taalweg bewandel of te dikwels of syweë afdwaal waardeur die mees fundamentele begrippe in verband met die taalstruktuur baie maklik in die gedrang kan kom.

In die Transvaalse Junior Sertifikaat-eksamen waar die verbuigings en vervoegings oor boord gedoen en die kennis van die taalkonstruksie-vorms in die lewende taalgebruik getoets word, is die veld baie eng beperk tot 'n paar tipes vrae wat min of meer elke jaar voorkom, naamlik: Werkwoordsverandering in sinne ('n paar van die volgende: oorsetting in Präsens, Imperfekt,

---

1. H oofstuk V.2.(c).

2. Sien Bylae B.

Perfekt, Futur of Imperativ, en verandering in die Du- of Sie-vorm); oorsetting van sinne in die Enkelvoud en/of Meervoud; voltooiingsopdragings en die invul van die regte vorms van woorde wat tussen hakies aangegee word; woordafleidings en teenoor-gesteldes, tesame met een of twee ander tipes vragies soos blyk uit Tabel V. Die onderwyser en leerling weet dus presies watter soort werk op hierdie stadium die meeste aandag moet geniet, temeer daar die eksamenvereistes baie duidelik beperk word deur die uitsluiting van woordfunksies en sekere dele van die grammatika in die leerplan.<sup>1</sup> Ons vind hier dan sowel in die leerplan as in die eksamenvraestelle 'n breed-afgebakende taalweg, sodat die onderwyser nie nodig het om sy leerlinge onnodig te verwar deur te dikwels op syweë af te dwaal ten einde die grille van die verskillende eksaminatore te probeer bevredig nie. 'n Nadere kennismaking met die vraestelle van die ander eksaminerende liggame het egter die oortuiging ge-sterk, dat daar in hierdie eksamens op so 'n wye terrein beweeg word, dat die eksaminatore aan die end van die tweejarige kur-sus byna enigiets kan vra sodat daar op niks behoorlik gekon-sentreer kan word nie. Waar die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen min of meer tot die elementêre naamvalsbeheersing (gewone gebruike en dié na die mees bekende voorsetsels), die verbuiging van die byvoeglike naamwoord, die onderskeid tus-sen voorsetsels en bywoorde, vier werkwoordstye (Plusquamper-fekt en Futur II uitgesluit) en die gebruik van die Imperatief beperk is, het dit duidelik geblyk dat die meeste van die vol-gende taalverskynsels aan die beurt gekom het in die ander Juniorsertifikaat-vraestelle, sodat die onderwyser dit bewaar-lik kan waag om sommige van hierdie gedeeltes van die werk aan 'n terloopse kennismaking oor te laat ten einde eers 'n paar van die elementêre konstruksievorms behoorlik te beklemtoon en tot besinking te laat kom:

---

1. Sien Bylae B.

Persoonlike voornaamwoord in plek van selfstandige naamwoord, met beklemtoning van die besondere verskille tussen Duits en Afrikaans (byvoorbeeld: "Das Mädchen tut -- Arbeit" in die Kaapse vraestel vir 1942);

Besitlike voornaamwoord met inbegrip van die verskillende gebruike van "ihr";

Betrekklike en vraende voornaamwoorde (volledig);

Verbuiging van alle klasse selfstandige naamwoorde, met spesiale beklemtoning van die uitsonderlike gevalle (Insekt -- Insekten; der Name - des Namens; der Mensch - des Menschen. ens);

Verkleinwoordvorming met inbegrip van Wägelchen (K.P.1939) en Krägelchen (O.V.S.1946);

Werkwoorde en byvoeglikenaamwoorde gevolg deur die datief en genitief;

Modale hulpwerkwoorde, teenwoordig en verlede;

Hoofdele van werkwoorde, insluitende dié soorte wat vir die leerling op hierdie stadium nog veelal problematies is: hauen, treten, betrügen, schelten, en ander;

Werkwoorde wat wederkerend is in die datief en akkusatief;

Die gebruike van die infinitief;

Rangtelwoorde, breuke en idiomatiese uitdrukkings met telwoorde;

Idiome en werkwoorde wat gevolg word deur sekere voorsetsels wat van die Afrikaanse gebruike verskil (byvoorbeeld: warten auf; zittern vor; tadeln wegen in die Kaapse vraestel vir 1942; warnen vor in die Vrystaatse vraestel vir 1949;

Bywoorde en voegwoorde (sogleich, zugleich; offen, auf; anders, sonst; wieder, weder; denn, weil; seit, seitdem; umher, herum; e.a.);

Woordverskille: durchbringen, verbringen; fragen, bitten; lernen, lehren; liegen, legen; gelegt, gelegen; führen, fahren; stechen, stecken; wachen, wecken; Mühe, müde; ausser, aussen; en andere.

Waar ons die eksaminatore in alle redelikheid gelyk sou gee, is dat al die bogenoemde woorde en taalverskynsels van die grootste belang is vir 'n redelike kennis van die vreemde-taalstruktuur; maar as ons daarby die feit in aanmerking moet neem dat die hele situasie vir die leerling op hierdie stadium nog vreemd is, kan dit geen goeds baar om hom na twee jaar reeds in 'n te wye rigting te dwing vir eksamendoeleindes nie. Boonop doen die Vrystaatse Juniorsertifikaat-eksaminatore nog sonder feil hul bes om iets oor die Lydende Vorm te vra wat in hierdie provinsie reeds in die Juniorsertifikaat-leerplan ingesluit

is, terwyl laasgenoemde tipe vraag ook soms aan die beurt kom in die Juniorsertifikaat-vraestelle van die Universiteit van Suid-Afrika.

Veel belangriker nog is die feit dat die eksaminatore, in hul ywer om ook moeilike vrae in te sluit ten einde 'n „gebalanseerde" vraestel te kry, baie dikwels van die breë weg van die algemene taalgebruik afwyk, welke praktyk nie sterk genoeg veroordeel kan word in verband met die vreemde-taalonderwys nie; want waar hierdie soort vraestel in sommige ander vakke nog moontlike voordele sou kon hê, hou dit hoegenaamd geen rekening met die beoogde doel vir die vreemde-taalonderwys waarvolgens die leerling met daardie meer algemeen-gebruiklike vorms vertrouwd moet wees wat tot 'n beter werkende kennis van die taal kan lei nie. In die eksamen, net soos in die alledaagse gebruiksvorm van die taal, behoort die vrae oor die uitsonderlike gevalle ook die baie hoë uitsondering te wees, en liefst so vermoontlik vermy te word. Dat ons eksaminatore hier egter dikwels faal, blyk duidelik uit die volgende enkele voorbeelde:

(i) In 1944 is daar van die Kaapse Seniorsertifikaat-kandidate verwag om bywoorde van die volgende woorde te vorm (die verwagte antwoorde word tussen hakies aangegee): möglich (möglichst); der Schritt (schrittweise); die Woche (wöchentlich); die Zukunft (künftig); die Elle (ellenlang)! Ek het hierdie vraag deur 'n skrande St.X-klas in Afrikaans laat beantwoord, en aldus vasgestel dat dit selfs vir die eerste taal as 'n moeilike vraag beskou kan word; wat hierdie eksaminator dus eintlik vir die derde taal verwag, is moeilik om te begryp.

(ii). In 1948 moes die Skooleindkandidate in die Vrystaat tussen die gebruike van halber en halben onderskei! Toe ek die vraestel ter hand geneem het, het ek die kommentaar aan een van my Duitssprekende kollegas oorgelaat en begin soek uit watter outydse grammatikaboek die vraag moontlik geneem kon gewees het.

(iii). In die 1946-Skooleindvraestel van die O.V.S. is daar van die leerlinge verwag om die hoofdele van verheissen en rinnen aan te gee. Die ander gevraagde woorde was: entzünden, herunterfallen, erbleichen, gedeihen, erlöschen, schmeicheln, begleiten. Die eksaminator moes die woorde waarskynlik met die grootste sorg in die gebruiklike lyste afgemerk het; en juis daarom sluit dit dié leerlinge wie se kennis van die taal nie vaal verder as die algemeen-gebruiklike vorms strek nie, heeltemal uit.

(iv). In 1942 moes die kandidate vir die Vrystaatse Skool-eindeksamen die regte vorms van die woorde tussen hakies in die volgende sin invul<sup>1</sup>: "Als die Strahlen der Sonne hinter (H orizont) verschwanden, traten die Sternlein hinter (Wolken) zum Vorschein". In dergelike gevalle word dit selfs selde as 'n fout opgemerk wanneer die Duitssprekende die naamvalskonstruksies wat die eksaminator hier verlang het, net andersom in die alledaagse spreektaal gebruik; daarom bly dit 'n raaisel waarom die eksaminator hierdie tipe vraag, wat op twyfelagtige gevalle toegespits is, op die nie-Duitssprekende leerling van toepassing wou maak.

(v). In die matrikulasie-eksamen van 1938 moes die kandidate die volgende sin vervoeg: <sup>2</sup> "Ich schäme mich meines Betragens". Die instruksies van die eksaminator in verband met die vervoeging van die sin beloop egter vyf reëls, waarin die kandidaat die volgende gelees het: "Auch soll das Possessiv-Adjektiv stets dem jeweiligen Subjekt entsprechen"! As die feit in aanmerking geneem word dat hierdie vraestel eintlik vir nie-Duitssprekende leerlinge bedoel is, en dat ons leerlinge in die reël so goed vir dié formele tipe eksamenvraag afgerig is, dat hul weinig moeilikheid met die genoemde sin sou ondervind

---

1. Skooleindeksamen van die O.V.S. Duits, Des.1942, Vr.3.a.vii.

2. Matrikulasie-eksamen, Duits, Nov.-Des.1938, Vr.1.b.

het, sou dit interessant wees om te weet hoeveel van die kandidate meer deur hierdie verduideliking van die eksaminator as deur die vervoeging self dronkgeslaan sou gewees het.

(vi). Vir die formele verbuigings-tipe vraag wat nog algemeen voorkom in die Vrystaatse eksamens en dié van die Universiteit van Suid-Afrika, is daar by die selfstandige naamwoorde veral vier moontlike soorte uitsonderings, naamlik:-

..... dié wat in grammatiese terme swak verbuig word (Löwe, Hase, Kamerad, e.a.);

..... die klein groepie van elf wat 'n "-ens" vir die Genitief kry (das Herz, der Name, en nog 9 ander "der" - woorde)

..... 'n klein aantal byvoeglike naamwoorde wat as selfstandige naamwoorde gebruik word (der Fremde und ein Fremder; der Gelehrte und ein Gelehrter, e.a.);

..... 'n paar "das" - woorde wat "-en" vir meervoud neem soos Hemd, Bett en Insekt.

As 'n mens die verskillende vraestelle deurgaan, lyk dit of die eksaminatore hier eerder die kennis van die uitsonderlike gevalle as dié van die algemeen-gebruiklike woorde wil toets. So kan daar minstens een geval genoem word waar die eksaminator vir die Vrystaatse Juniorsertifikaat-eksamen hom slegs by drie van hierdie uitsonderlike woorde bepaal het<sup>1</sup>, naamlik:-

mein guter Kamerad;  
ein schöner Gedanke;  
welch ein grosser Gelehrter.

(vii). Hiermee is die saak feitlik nog net aangevoer, omdat die najaging van die afwykende al byna 'n kroniese obsessie by sommige eksaminatore geword het. Ek wil egter nog net 'n paar voorbeelde in verband met die Lydende Vorm noem, waar ons veral drie afwykende tipes sinne kry:

die worden-konstruksie in die drie voltooide tye wat 'n baie laer gebruikswaarde as die gewone tydsvorms het;

die inleidende datief-konstruksie in die passief, met die versweë "es" as onderwerp van die sin;

die man-gebruik in die aktief wat in die passief wegval.

---

1. Juniorsertifikaat-eksamen van die O.V.S. Duits, 1947.

In hierdie verband mag die volgende opsomming van die feite betreffende 'n paar vraestelle uit die jongste verlede 'n interessante toeligting wees vir die beskuldiging wat daar aan die adres van ons eksaminatore gerig moet word, dat hul al te dikwels net 'n sin vir die uitsonderlike het en aldus ons klaskamerpraktyke van die breë taalweg af dwing, waarop die mees blywende resultate behaal kon gewees het:

Vrystaatse Skooleind 1943 (vraag 4.b.) -- drie sinne wat drie uitsonderlike gevalle bevat, dit is 'n datief-gebruik, 'n worden-konstruksie, en 'n man-konstruksie;

Vrystaatse Skooleind 1944 (vraag 4.b.) -- twee datief-konstruksies en 'n gewone vraagsinnetjie;

Vrystaatse Skooleind 1947 (vraag 4.b.) -- 2-woorden-gebruike en 'n datief-konstruksie met die ongewone "uns" - inleiding (drie uitsonderlike gevalle in twee sinne);

Kaapse Seniorsertifikaat 1945 (vraag 6.b.) -- drie sinne wat al drie uitsonderlike gevalle bevat.

In die Vrystaatse Juniorcertifikaat-eksamen gaan dit al byna net so dol daaraan toe: in twee opeenvolgende jare (1946 en 1947) het hierdie uitsonderlike gevalle telkens drie uit die vier gevraagde sinne getref, waaronder die "wird-getan-wordsen" - konstruksie (Voltooide Toekomende Tyd) in 1946. As die feit in aanmerking geneem word dat die leerling nog net twee jaar gehad het om die vreemde taal saam met etlike ander nuwe vakke te leer, en dat dié soort Duits vir hom ook beswaarlik van enige waarde kan wees behalwe dat hy dit weer so gou moontlik na aflëgging van die eksamen kan vergeet, moet die oordrewe beklemtoning van die afwykende 'n mens in 'n sekere sin aan die klassieke voorbeeld van Sweet se Grieks-onderwyser herinner, wat 'n vertaling van die volgende sin van sy leerlinge verlang het: "The philosopher pulled the lower jaw of the hen"<sup>1</sup>.

Teenoor hierdie praktyke moet ons die gesonde, gebalanseerde standpunt weereens in die Transvaal soek, waar ons, sowel in die leerplan as in die eksamen, nog altyd die grootste aandrang op die funksionele en die breë weg van die taalgebruik

---

1. Sweet: "A Practical Study of Languages", 74.

gevind het. Vir die Transvaalse Eindsertifikaat-eksamen van 1942 is daar byvoorbeeld slegs een van hierdie uitsonderlik gevalle (’n worden-konstruksie) saam met twee gewone gebruike van die passief ingesluit. In die volgende jaar waarin hierdie tipe vraag weer gestel is<sup>1</sup>, was die verhouding een uit vier. Sommige skeptici wat nog nooit by die eksamen verbygestaar het na ’n hoër doelstelling wat ons met die onderwys van dié vak wen te bereik nie, mag hierdie praktyke wel as ’n swakheid en ’n gebrek aan eksamenstandaard in daardie provinsie interpreteer. As praktiese onderwyser wat die vak reeds vir etlike jare in twee ander provinsies doseer het, en deur hierdie ondersoek ook in noue voeling met die Transvaalse stelsel gebring is, wil ek die praktyke in hierdie provinsie egter as ’n baie gesonder rigting bestempel as die volharding met die nie-funksionele, die ongewone en die uitsonderlike, waardeur ons met ons leerlinge geen hoër doel as die eksamenresultaat bereik nie, en die beklemtoning van die fundamentele verloor.

6. Opsomming van bespreekte beginsels na aanleiding van een van die jongste vraestelle.

Die Vrystaatse Juniorsertifikaat-eksamenvraestel vir 1949<sup>2</sup> kan hier genoem word as die mees resente bevestiging vir die verkeerde neigings wat daar in voorgaande gedeeltes van hierdie hoofstuk in sommige van ons eksamenpraktyke gevind is. Daarom wil ek kortliks die gronde aanvoer waarop ek indertyd by die Vrystaatse Eksamenraad protes aangeteken het teen hierdie vraestel, om aldus ook tot ’n samevatting van die voorgaande bespreekte beginsels te geraak.

(1). Teen die formele verbuigings- en vervoegingsvrae in hierdie vraestel (vrae 1-3) kan daar reeds bedenkinge ingebring word, hoewel daar ter verontskuldiging van die eksaminator aanvoer kan word dat hy met hierdie vrae nog die weg van die

---

1. Transvaalse Eindsertifikaat-vraestel vir Duits, 1946.

2. Sien Bylae F.

verlede probeer betree het. Die eksaminator sou wel gemerk het dat daar op die punte wat by die verskillende vrae in Afdeling A (Grammatika) aangegee word, nog ses punte kort was op die greottotaal vir die afdeling. Te oordeel na die punte-toekennings in die vorige jare, kon hierdie addisionele ses punte vermoedelik vir vraag 5.b. bedoel gewees het. Indien wel, gee h'n onderwerping aan objektiewe toetse ons die volgende persentasie-ontledings vir hierdie afdeling van die werk:

|                              |     |
|------------------------------|-----|
| Woordgebruik .....           | 32% |
| Funksionele grammatika ..... | 10% |
| Formele grammatika .....     | 58% |

Teenoor die Transvaalse Juniorsertifikaat-vraestelle waarin daar, volgens statistiese berekening, meer as 80% van die punte vir hierdie afdeling aan die funksionele taalkunde en ongeveer 10% aan formele grammatika toegeken word<sup>1</sup>, val hierdie vergelyking nie baie gunstig uit nie.

(41). Van die aangegewe voorsetsels vir sinsgebruik (vraag 3.c.) het net "durch" h'n hoë, en "ausser" h'n redelik-hoë gebruikswaarde, terwyl die meeste glad nie in of Aucamp of Morgan se bekende frekwensie-woordelyste voorkom nie. Daarenteen sou ons die eksaminator h'n paar ander voorsetsels kon noem, wat nie altyd so vanselfsprekend korrek gebruik word as daar ook so baie van die minder-gebruiklike vorms geleer moet word nie. Ek noem hul met die laagste veelvuldigheds-indekse uit Aucamp of Morgan se lyste tussen hakies:

su (3); in(4); von (6); mit (13); aus (15); auf (19); vor(23); über(24); an(25); nach(26); die gevraagde "durch" (33); um(36); für (38); bei (41); unter (47); gegen (53)...

asook die volgende wat binne die frekwensie-groep 101-500 val:

ohne, (die gevraagde) ausser, zwischen, wider, während, hinter, statt, neben, seit, wegen, gegenüber,

en die volgende wat buite die 500-lys val:

entgegen, innerhalb.

---

1. Sien Tabel V.

Ons eksaminatore het al dikwels daarop gewys dat die werk van die kandidate op hierdie stadium wemel van foute soos: um dem Haus; nach das Dorf; unter die Stuhl; bei der Onkel. As die saak dan werklik so ernstig is, waarom doen ons nie op hierdie stadium afstand van die gevraagde laut, samt, kraft en (die outydse) zuwider, om die leerlinge 'n redeliker kans te gee om die meer gebruiklike woorde te bemeester nie!

(iii). Vier van die vyf woorde vir die trappe van vergelyking (vraag 4.a.) is uitsonderlike gevalle wat 'n mens ook nie so dikwels teëkom in die alledaagse gebruik van die taal soos "kalt", "rot", "klein", "gross" en andere nie; en wat vraag 4.b. (5 woorde vir sinsgebruik) betref, behoort die eksaminator, voordat hy 'n woord soos "höchstens" vra wat geen plasing in Aucamp se lysste van die eerste 2000 mees voorkomende woorde kry nie, gedagtig te wees aan die feit dat daar van die kind op hierdie stadium "höchstens" verwag moet word om met die meer algemene vorms bekend te wees.

(iv). Ten spyte van die feit dat die aktief-skriftelike gebruik van die taal geen noodsaaklike doelstelling vir Duits-onderwys in ons land behoort te wees nie, en in elk geval nie op hierdie ontwikkelingstrap nie, het die eksaminator 'n besondere voorliefde daarvoor getoon. As bewys hiervoor geld die feit dat vraag 5.a. die derde vraag is wat 'n reeks woorde vir sinsgebruik bevat: vier woordpare in sinne sonder keuse, insluitende die kousatiewe vorm "senken". Al sou alle onderwysers en eksaminatore ook met die gebruik van hierdie woord bekend wees, moet dit nie op hierdie stadium van die kind verwag word nie. Daarom het ek my destyds genoodsaak gevoel om die vraag te stel, wanneer die betrokke eksaminator laas 'n frekwensie-woordelys geraadpleeg het wat, hoewel dit nie slaafs nagevolg kan word nie, tog 'n belangrike rol behoort te speel om die onderwys volgens 'n bepaalde plan te laat verloop en te vbywaar

teen die luk-raak "probeer-en-tref"-metodes, waarmee ons nog nooit behoorlik getref het nie.

(v). Dan volg die Lydende Vorm (Vraag 5.b.)! Afgesien van die feit dat hierdie gedeelte van die grammatika heeltemal misplaas is in die St.VIII-leerplan, en die Vrystaat en die Universiteit van Suid-Afrika die enigste eksaminerende liggame is wat nog daaraan vaskleef vir die Juniorsertifikaat-eksamen, is dit interessant om daarop te let dat die eksaminator die meeste van die ingewikkelde, uitsonderlike gebruike van die passief in hierdie drie sinne probeer betrek het. Ons merk die wurde-konstruksie in die eerste sin, die ingewikkelde inleidende datief-konstruksie (met die versweë "es" as onderwerp) in die tweede sin, terwyl daar oor die ingewikkelde woordorde in die derde sin liefs geswyg moet word!

(vi). By die "Vertalings in Duits" (vraag 6) gaan dit nog lustiger daaraan toe, omdat hierdie afdeling van die werk ons die naaste aan die begraafplaas van die taalstudie gebring het. Dis al erg genoeg dat daar in een van ons Juniorsertifikaat-eksamens nog 25 persent van die punte aan hierdie verouderde afdeling wat op die mees onpsigologiese beginsels van die taalpiedagogiek berus, toegeken kan word, terwyl twee ander eksaminerende liggame reeds etlike jare gelede die goeie voorbeeld gestel het om hierdie vertalings uit hul Juniorsertifikaat-leerplanne te verban<sup>1</sup>. Wanneer 'n eksaminator die saak egter nog verder wil dryf deur te probeer bewys hoe knaphandig hy sy vrae kan opstel deur oulike versteking en verspreiding van die verskillende soorte taalverskynsels, dan verdien hy gewis om weer as eksaminator benoem te word solank die huidige ongeskrewe orde dat Duits net vir eksamendoeleindes geleer moet word, verder sal voortduur. Hoe lyk dit egter met hierdie vrae?

---

1.Sien Tabel 11.

Die heel eerste sin begin met die ongewone woordorde van 'n inleidende Akkusatief .... asof die leerling na twee jaar Duits-onderwys reeds so diep uit die werke van Schiller sou gedelf het, dat hy onder die invloed van die tipiese styl van hierdie groot meester sou gekom het! Wat die saak egter vererger, is die feit dat daar elf ander woorde tussen hierdie ongewone Akkusatief-gebruik en die regerende werkwoord staan om die kind se gedagtegang verder te verwar. Verwag ons nou eintlik van ons kinders 'n redelike begripsvermoë van en genot aan die studie van 'n mooi Europese kultuurtaal, of moet die studie in kunsgrepe ontaard? Want in die sesde sin sien ons weer presies dieselfde ding, maar hierdie keer met die ingewikkelde inleidende datief-gebruik in 'n sin in die passief (die versweë es-tipe sin!) met nog 'n bysin tussenin. En dan volg die betekenisvolle laaste gedeelte van die sin dat die kinders deur (weer die passief!) die onderwysers gehelp (sal) word „.... as hulle Duits te moeilik vind". Met hierdie soort Duits wat van die breë taalweg afwyk, sal hul gewis baie hulp nodig hê voordat 'n genadige eindeksamen of skoolverlating hulle daarvan verlos!

Verder word daar verwag dat die kandidaat na 'n tweejarige studie van 'n vreemde taal wat hy nooit tuis hoor nie en baie selde kan lees omdat ons leerplanne nog steeds 'n uitgebreide kennis van die grammatika en 'n oormaat van vertalings in die plek van die leeswerk gestel het, met woorde en uitdrukkings soos die volgende bekend sal wees: van plan wees; dit raak jou nie; vertoef; met my oor die saak spreek; ... waar ons nie alleen sal studeer nie; en dergelike meer. Hier sou die eksaminator hom met groter voordeel deur die bekende frekwensielyste kon laat lei het.

Vraag 6.b. (127 woorde, 39 punte) bevat 18 woorde (14.2% van die totale aantal woorde) wat glad nie in Aucamp se lys van

die eerste 1000 mees voorkomende woorde verskyn nie, waarvan 7 (dit is, 5.5%) selfs buite die 2000-lys val. Kan daar in alle redelikheid van die leerling verwag word om op hierdie stadium reeds vertrouwd te wees met woorde soos ongetwyfeld, dreun, suig, beskerm, berei, gereed en teelepelvol vir doeleindes van die aktief-skriftelike gebruik van die taal?

(vii). In die Vertalings uit Duits (vraag 7) moet ons ons noodwendig voorstel dat die leerling wat nog heel weinig Duits gelees het in die eerste twee jaar van die kursus, bekend moet wees met woorde en uitdrukkings soos die volgende:

Du sollst dich .... der Armen annehmen (ontferm!);  
Du sollst dich .... meiner stets gedenken;  
Eine Bitte gewähren;  
..... stieß einen Seufzer aus .....;  
Er bediente sich eines Kannes;  
Das Mädchen wusste sich ... gar nicht zu finden;  
..... es (vir: das Mädchen) hatte keinen Wunsch, den es nicht erfüllen konnte; Truhen; en so meer.

(viii). Teen die vrae oor die voorgeskrewe boekie het ander kollegas en ek ons persoonlike bedenkinge gehad, wat egter nie hier ter sake is nie.

.....

Dit is nog nie die einde van die saak nie, omdat daar nog op ander ongerymdhede in hierdie vraestel gewys kan word, soos die feit dat daar van Standerd VIII-leerlinge verwag word om die Duitse ekwivalent vir „waarsku”, wat glad nie in Aucamp se lysie van die eerste 2000 mees voorkomende woorde verskyn nie, te ken, tesame met die gebruiklike Duitse voorsetsel wat van die Afrikaanse verskil. Daar is egter reeds genoeg voorbeelde aangehaal om die vraag by ons te wek, wat hierdie eksaminator eintlik verwag het vir die onderwys van Duits as vreemde taal aan 'n Standerd VIII-klas. As hierdie tipe vraestel vir die sogenaamde slim kind bedoel is, sou ons die vraag kon stel of laasgenoemde nie ook juis 'n groot behoefte aan 'n gesonde doelstelling vir die onderwys van Duits het nie. Of is ons insigte benewel deur die prominensie van sekere minder-gebruiklike vorms op die verskillende bladsye van die grammati-

kaboek? Daar is ook ander eksamenmetodes waarmee sommige eksaminatore skynbaar nog nie heeltemal bekend is nie: om dié dinge te vra wat daar op elke bepaalde ontwikkelingstrap van die kandidaat verwag kan word in die lig van 'n gesonde doelstelling, en dan liefers minder toeskietlik met die puntetoekenning te wees as daar gevaar bestaan dat die gemiddeldes in die hoogte sal skiet. Dit is ook die rigting wat die skrywer so pas ingeslaan het met die oornome van 'n eksaminatorskap vir een van ons vyf St.X-eksamens in Duits, omdat al die voor-die-hand-liggende feite daarop dui dat daar alleenlik langs hierdie weg ag geslaan sal kan word op die volgende belangrike voorskrif van Henry Morrison in verband met die studie van die verskillende vakke: "It is meaningless to prescribe a course.. and let it go at that. The issue is not learning any of these, but rather the mastery of certain significant learnings"<sup>1</sup> Ek dink dat ek ook in alle redelikheid kan sê, dat ons leerlinge en onderwysers reeds genoeg gehad het van hierdie soort eksamenmetodes wat eintlik niks beoog nie behalwe dat dit die lot van die vak op skool verseël; want nolens volens is die meeste middelbare onderwysers die slagoffers van die stelsel waaronder hul werk, en doen met hul leerlinge wat daar in die eksamen verlang word, of hierdie eksamenmetodes nou ook al op gesonde doelstellings afstuur aldan nie. Daarom is dit so belangrik dat die eksaminatore hul eers sal vergewis van die doelstelling vir die onderwys van die vak, en hul op hoogte sal hou met wat daar in ander provinsies en in die buiteland gedoen word.

---

L. Morrison: "The Practice of Teaching in the Secondary School"  
38.